# Die Aanklag

Jeffersonville, Indiana, VSA
63-0707 (Oggend)

1 Dankie, Broer Neville. Laat ons nou net 'n oomblik bly staan vir gebed. Laat ons ons hoofde buig. Is daar enige gesproke versoeke, as dit bekend sou word deur 'n opgehewe hand? Net vir God, sê: "Ek…" Hou nou in jou gedagtes wat jy Hom wil vra en glo dit met jou hele hart terwyl ek my gebed ook vir jou doen.

2 Hemelse Vader, ons is—reken dit so 'n voorreg om na die huis van die Here te kom op hierdie somber dag, en die sonlig van God te vind wat skyn, en die Heilige Gees te hoor sing deur die mense, en praat deur die mense, net 'n klein bondeltjie sonskyn binne-in. Ons dank U hiervoor, die hemelse sonskyn om ons harte. Hoe dank ons U nie daarvoor nie.

Nou, U mense het pas hulle hande opgesteek in hierdie gemeente, dat hulle versoeke het dat hulle wil hê dat U hulle vanmôre sal antwoord, ek bid, Vader, dat U elkeen van hulle versoeke sal toestaan. Daar's soveel opgestapel op die lessenaar, en soveel versoeke oral: mense siek, ly; telefoonoproepe, langafstand, omtrent vyftig per dag. O, God, wat sal ons doen? Lei ons net, Here. Ons weet nie watter kant toe om te gaan of wat om te doen nie, maar U kan hierdie dinge rig. En ons bid dat U dit aan ons sal skenk, want dis ons bedoeling, Here… Watter lewe wat ons op aarde het, is deur U aan ons gegee, en ons wil dit gebruik om U te eer. Nou, U lei ons in daardie dinge, Vader.

Seën ons vandag soos ons saam vergader het om die Woord van die Here te hoor, om die liedere te sing, om gebed te doen. Hoor ons gebede. Wees bly saam met ons in ons liedere, en praat met ons deur die Woord, want ons vra dit in Jesus Naam. Amen. Julle mag sit.

3 Ek ken net nie enige plek wat ek as 'n groter voorreg sou ag om te staan, as wat dit sou wees om in die preekstoel te staan, om die brood van die lewe te breek vir 'n wagtende, honger, dorsende mense nie. En hierdie is 'n groot voorreg.

Eerstens wil ek graag vra of enige van die Wright familie hier is: Hattie, of Orville, of enige—Hattie. Is Orville by jou, Hattie? Wel, vra hom of hy onmiddellik by die huis sou aangaan, van wat ek hom gesê het, jy weet… Kom inloer by die huis as hy kan. Ek het vergeet om dit saam met my te bring vanmôre, iets vir hulle dogtertjie wat hulle daar het. So ek wil net… As julle wil, ry net reg by die huis aan as julle vertrek vir julle—na diens.

4 En nou, Edith, Hattie se suster, wat ons weet is die dogtertjie wat kreupel was vandat sy 'n baba was, en sy's nou 'n vrou; en sy is in 'n baie slegte toestand. Nou omtrent 'n jaar gelede het ek soontoe gegaan, toe sy haar eerste aanval gehad het, en onmiddellik het ek gevind wat haar probleem was, deur die hulp en genade van God. Nou, regtig, wat is die probleem met die kind, sy sit—haar ledemate is teenmekaar geslaan en sy kan hulle nie eens uitmekaar skuif nie. Dis as gevolg van die geweldige druk op die senuweestelsel. Maar wat dit is, daar is niks fisies verkeerd met die kind, buiten die aandoening van infantiele verlamming, toe sy omtrent ses maande oud was nie. Sy het geskree en gehuil haar hele lewe, byna, tot ons baie jare gelede vir haar gebid het, en sy was sedertdien gelukkig, tot omtrent 'n jaar gelede.

5 En nou, dis regtig menopouse, met ander woorde, die verandering van haar lewe, en haar senuwees is in so 'n geweldige toestand. En die dametjie het in haar gedagte dat sy sterwend is, sy gaan net nie lewe nie, net van een uur na die ander.

En julle weet, gesonde, sterk vroue het 'n verskriklike tyd: moet somtyds hormooninspuitings kry, en in die inrigtings ingaan, en skokbehandelings kry en alles, gedurende daardie tyd.

Die menslike wese het twee lewensveranderings. Hulle het die verandering van 'n seun na 'n man; van 'n vrou—van 'n meisie na 'n vrou. Omtrent sestien, sewentien jaar oud word hulle net soos 'n klomp ankerloses. En as jy net kan ly saam met hulle gedurende daardie ouderdom… Ek het 'n dogter in daardie ouderdom reg nou, Rebekah. Bid vir haar, en Billy. O, elkeen van ons, ons kom deur daardie klein waansinnige eeu, en so moet ons saam met hulle ly, besef dis iets waardeur hulle moet gaan.

6 En nou, Edith met hierdie verandering van die sewe jaar… Elke sewe jaar verander jou lewe, so die sewe maal sewe, sien jy, en dit maak dit soort van moeilik. Dis 'n algehele verandering, en dit pla die vroue. Mans kry gewoonlik soort van 'n snaakse gedrag gedurende daardie tyd en verlaat soms hulle vroue. Maar vroue is onvrugbaar daarna. En ons gaan almal daardeur. Ons moet onthou dat dit dinge is waar ons mekaar moet verdra en daardie dinge moet verstaan.

En klein Edith het in hierdie toestand gekom, en sy het baie gewig verloor en sy lyk sleg. En ek sê vir julle… Een aand (nie almal van julle saam nie), maar net 'n klein uitstappie af… Hulle het dag en nag saam met haar opgesit. En 'n klein uitstappie daarheen van hierdie tabernakel en die verskillende tabernakels, die suster tabernakels hier… Sommige van julle mense gaan af en sien die Wright familie; ek is seker hulle sal dit waardeer. Gaan net daarheen, sit 'n rukkie by hulle, en praat met hulle, skud hulle hand, en—as

niks meer as 'n vriendelike besoek nie. Ons vergeet dit so maklik, julle weet. En wanneer dit by ons eie huis kom, dan waardeer ons dit; en ons moet onthou, ander waardeer dit ook. En die Wright familie, is ek seker, sal dit waardeer. Ek weet julle sou dit gedoen het as julle geweet het hierdie toestand bestaan. Maar julle het dit nie geweet nie, so daarom het ek julle vanmôre daarvoor gesê.

7 Gaan en besoek die Wright familie en probeer Edith opbeur. Moenie vir haar sê sy lyk sleg nie, sê haar sy lyk goed. Sy gaan goed wees (sy sal reg wees) as ons net bly vashou vir haar. Dis waarvoor ons hier is. Sy is ons suster, en ons is hier om vas te hou in hierdie tye vir daardie kind; net soos ek wil hê iemand moet vir my vashou en bid terwyl ek deur my beproewinge gaan, en jy wil iemand vir joune hê.

En die Wright familie was 'n lang—een van die oudste lidmate wat na hierdie byeenkoms gekom het: hulle, reken ek, en Broer Roy Slaughter en Suster Slaughter. Ek het hulle net 'n paar oomblikke gelede gesien, gewaai vir hulle toe hulle inkom, en by myself gedink soos ek om die hoek gery het: "Hoeveel jaar het ek Broer en Suster Slaughter hulle plek sien inneem in hierdie kerk deur die lief en leed, en waad steeds voort?" En die Wright familie en soos dit… Jy waardeer daardie mense. Sien julle? En laat ons ons waardering aan hulle wys.

8 Nou, vandag het ek 'n lang boodskap gekry. Dis oor 'n aanklag. En dan hoor ek daar's vanaand nagmaal en voetewas, ensovoorts. So, die pastoor sal praat en ons sal—ons sal afkom… En as julle, as julle hierrond is, kom en geniet die boodskap van die pastoor, van die Here. En dan ook, as gevolg van die voetewas en die nagmaal vanaand, gaan dit 'n baie swaar, volgepakte aand wees. So, ons sal bly wees om julle te hê as julle geen ander heenkome het nie.

En ons wil Don Ruddell waardeer, en ons broer, en Broer Jackson (en hierdie broers is broer, susterkerke wat geassosieer word), Broer Jack Palmer hier, wat die groep in Georgia hou. En ons wil hierdie manne waardeer met ons hele hart vir tye wanneer ons dienste het, wanneer ek inkom en—hulle ons kom besoek. En ons waardeer.

9 Ek sien vanmôre my goeie vriend, Dr Lee Vayle en sy vrou. Ek het Suster Vayle eerste daar herken en ek het bly rondkyk om te sien waar Broer Lee was. Ek het 'n (wat die ou Suidelike uitdrukking)—"'n appeltjie met hom te skil." Sien? Wanneer ek ook al… Ek het na hom gesoek elke dag by daardie konvensie, om daar te wees om my uit te help. Ek het gesê: "Wel, as Lee kom, laat hom preek, en ek sal net vir die siekes bid." En ons het hom probeer opspoor en alles anders, en kon hom nooit vind nie; so ek het—ek het 'n—die appeltjie met hom te skil wanneer ek kom… En ons is bly om Broer en Suster Vayle vanmôre in te hê.

En miskien is daar baie meer hier wat ons nie verstaan nie. Ek sien 'n suster hier, glo ek, van Chicago. Ek kan nie—ek ken die groep hier, maar ek kan net nie hulle name presies noem nie. So, ons waardeer hulle van oral, waar julle ook al is.

10 Ek sien die broers hier, twee jong kêrels wat verordineer moet word (jonk in die bediening ten minste) vanmôre. Twee—ons gekleurde broers van bo in New York het pas hulle getuigskrifte ontvang deur die Filadelfiese Kerk en hierdie kerk gegee waar hulle vandaan kom. En ons gaan hande op hulle lê, dat God hulle bediening in New York sal seën. Ons het twee of drie kerkies daarbo. Ek glo Broer Delano het een van die klein groepies daar en ons is—ons waardeer hulle. En hier is nog twee wat nou uitgaan om dienste te maak—te hou vir die mense daar. En ons waardeer hierdie dinge. Die Here seën julle ryklik.

11 Soveel, ek kyk rond en sien verskillendes van julle; kan net nie al hulle name noem nie, maar ek weet dat Hy verstaan.

Nou, ek glo as ons suster, die pianis, of een van hulle hiernatoe sal kom en vir ons speel:

Toe die vuurkool die profeet aangeraak het,

Hom so rein gemaak as wat rein kan wees,

En toe die stem van God gesê het: "Wie sal vir ons gaan?"

Toe het hy geantwoord: "Hier is ek, stuur my!"

Wanneer ons hierdie predikers verordineer deur oplegging van hande… Nou, ons besef dat die Skriftuurlike manier om 'n prediker te verordineer oplegging van hande is. Ek dink dis waar ons Laat Reën broers, of die Battleford mense, ensovoorts, deurmekaar geraak het—toe hulle daardie oplegging van hande gesien het om geestelike gawes oor te dra. Nou, ons glo nie dat gawes kom deur oplegging van hande nie. Ons glo dat oplegging van hande 'n goedkeuring is vir wat ons alreeds gesien het. Sien? Dis 'n "amen!" Sien?

12 Nou, toe hulle hande gelê het op Timótheüs en op daardie broers, het hulle gesien dat die gawe in daardie manne was. Onthou: "wek daardie gawe op wat in jou was, kom van jou ouma Lois." En hulle het dit gesien in Timótheüs; en daarom, die ouderlinge het hande op hom gelê en hom verordineer, nie hande

op 'n man gelê waarvan niks ooit aan die lig gekom het nie. Sien julle? En hulle het net die seëninge gevra, en ons almal glo dit. So ons dra nie geestelike gawes oor nie; ons herken hulle net en lê hande op hulle om hulle te bekragtig, dat ons glo dat God sulke dinge vir die mense gedoen het.

Ek het vanoggend ver agter in die agterkant opgemerk, Broer McKinney van 'n (ek glo dis Kinney of McKinney)—die Metodiste prediker, wat daaragter sit, wat net onlangs ook hier verordineer is (ek glo dit was reg, van die platform af), om die fort te hou in Ohio saam met Broer Dauch, en Suster Dauch, en die groep van bo in Ohio. O, wanneer ons almal bymekaar kom, hierdie klein plekkies bymekaar kom, dis wonderlik. Geen denominasie, geen bande van niks nie, maar net aan Jesus Christus, dis al (sien?), sit net saam in hemelse plekke.

13 Goed, Suster, as jy ons sal gee… Laat ons net hierdie een vers daarvan sing, Toe die kool van vuur die profeet aangeraak het. Laat ons dit nou saam sing.

Toe die vuurkool die profeet aangeraak het,

Hom so rein gemaak as wat rein kan wees,

Toe die stem van God gesê het: "Wie sal vir ons gaan?"

Toe het hy geantwoord: "Hier is ek, stuur my!"

Spreek, my Heer; spreek, my Heer; (Nou,

broers sal vorentoe kom as julle wil.)

Spreek, en ek sal U gou antwoord.

Laat die ander predikerbroers vorentoe kom, as hulle sal, wat hande gaan lê op ... medewerkers van die tabernakel hier: Broer Ruddell, Broer Lamb, en hulle.

Spreek, en ek sal antwoord: "Here stuur my!"

O, miljoene sterf nou in sonde en skande;

Luister na hulle droewige en bitter uitroep;

Haas julle, broeders, haas julle tot hulle redding;

Antwoord gou: "Meester, hier is ek!"

Spreek, my Heer; spreek, my Heer;

Spreek, en ek sal U gou antwoord.

Spreek, my Heer; spreek, my Heer;

Spreek, en ek sal antwoord: "Here, stuur my!"

"Wat is jou naam, broer?"

"Orlando Hunt."

"Broer Orlando Hunt van New York Stad, is dit reg? Broer...? "

"Joseph Coleman."

"Joseph Coleman."

Nou, as julle net na die gehoor sal draai, my broers.

14 Broer Hunt en Broer Coleman, 'n roeping van God op hulle harte. En soos ons pas die lied gesing het: "Daar's miljoene nou wat in sonde en skande sterf," het hulle daardie droewige en bitter uitroep gehoor. En ons vra hulle: "Haas julle, Broers, haas julle tot hulle redding." Sien? Antwoord gou: "Meester, hier is ek!" Dis hoe hulle vanmôre antwoord.

En soos ons, as broers van hierdie kerk, en hierdie groep, dit goedkeur deur ons hande op hulle te lê en hulle die regterhand van gemeenskap te gee, as—om getuies te wees van Jesus Christus met ons ondersteuning hier, dat ons hulle sal ondersteun in alles wat eerbaar en reg in die Evangelie is. Ons gebede sal voortdurend vir hierdie manne wees dat God hulle sal gebruik om Hom te eer. En mag hulle bedienings ryk en groot wees in New York. Mag hulle lewe vol van diens vir Hom wees, kosbare gerwe in die Koninkryk inbring. Mag hulle lang, gelukkige lewens lei. Mag die Here God hulle onderwerp met Sy ewigdurende teenwoordigheid, en aan hulle gesondheid en krag gee, en hulle in Sy diens hou totdat Jesus Christus hulle sal roep na die ewige tuiste in die hawe van rus.

15 Laat hierdie gemeente nou, terwyl ons ons hoofde buig, en ons predikers vorentoe gaan om ons hande op hulle te lê.

Ons hemelse Vader, ons lê ons hande op Broer Hunt in die Naam van die Here Jesus Christus, soos wat ons van hom geweet het, Here, regverdig was. En ons dank U vir hierdie oproep in sy lewe van die bediening. Here, spreek deur hierdie broer, wen siele, bring verlossing, Here, aan hulle wat in gevangenskap is, beide siekte, en verstandelik, en fisies, en geestelik. Here, gee hom 'n ware bediening, sodat hy aan die einde van sy pad kan terugkyk deur daardie lang roete en sien dat hy in staat was deur die genade van God om elke vyand te vang. Deur Jesus Christus ons Here vra ons dit. Amen!

16 Op Broer Coleman lê ons ook ons hande as getuies, Here, om bekragtiging te gee aan sy roeping, dat ons, hierdie kerk, hierdie groep mense, in hom glo as 'n dienaar van Christus. En ons vra dat U hom sal seën en hom 'n groot, magtige bediening gee, dat hy siele vir sy Here sal wen, en die gevangenes sal verlos, en die magte van Satan sal verbreek wat rondom die lewens is van die mense waarmee hy assosieer. Gee aan hom, Here, 'n vrugbare lewe om ons te help en te versterk. En ook, wanneer hy aan die einde van die pad kom, God, gee dat hy op 'n lang pad kan afkyk en sien waar hy deur die genade van Jesus Christus elke band van die vyand kon breek om God te eer.

Hemelse Vader, mag hierdie manne nou so lewe en werk in die oes van God. Mag U seëninge op hulle rus en met hulle wees tot die tyd dat ons almal vergader aan die voete van ons groot Meester. In Jesus Christus se Naam vra ons dit. Amen!

God seën jou, Broer Hunt, gee jou 'n vrugbare bediening. God seën jou, Broer, en gee jou ook 'n vrugbare bediening. God seën julle. Weer.

Toe die vuurkool die profeet aangeraak het,

Hom so rein gemaak as wat rein kan wees,

Toe die stem van God gesê het: "Wie sal vir ons gaan?"

Toe het hy geantwoord: "Hier is ek, stuur my."

O, spreek, my Heer; (Mag Hy met baie jong harte praat, spreek, my Heer;

(geroep deur God.)

Spreek, en ek sal U gou antwoord.

Spreek, my Heer; spreek, my Heer;

Spreek, en ek sal antwoord: "Here, stuur my!"

17 Hoe dank ons nie die Here vanmôre vir hierdie groot eer van die kerk wat getuig het van die uitstuur van predikers in die veld in hierdie laaste dag nie. Genade van God gaan met julle, my broers. Ek hoop Hy stuur julle na die vreemde velde en regoor die wêreld, en preek hierdie ondeurgrondelike rykdom van Jesus Christus, waar dit so behoeftig is. So behoeftig is die wêreld vandag.

Nou, soveel van hierdie goeie dinge, ons moet net 'n bietjie hier neem en 'n bietjie daar, om dit alles in die diens te kry vanmôre. Nou vandag is ons… Ek praat oor 'n onderwerp wat ek… Ek hou soms nie daarvan om hierdie werklik geweldige tye te benader nie.

Nou, verlede Sondag, as sommige van julle nie hier was en nie die boodskap van Die Derde Eksodus gekry het nie, en as julle van die bande hou, glo ek julle sal daardie een geniet: Die Derde Eksodus.

18 Wat het ons? 'n Siek seun hier, of iets? O, 'n klein kreupel seuntjie. Ja! Mag God hom ryklik seën. Goed. Net aan die einde van die diens sal ons in elk geval vir die siekes gaan bid. Sien julle? So ons… Nou…

Ons is—ons vra julle, miskien as julle kan, om die boodskap te kry oor Die Derde Eksodus, die derde keer dat die lig, die engel van die Here, wat die mense na 'n eksodus geroep het, homself sigbaar vertoon het op aarde in 'n eksodus. Sien? Ek dink dis regtig uitstaande vir my: Die Derde Eksodus.

Sou julle omgee as ek my jas uittrek? Dis vreeslik warm in die tabernakel vanmôre, en die enigste lugversorging wat ons het, is wat jy kan waai. Jy moet jou eie krag opwek. So ons beplan om eendag 'n verkoelstelsel hier in te sit, sodra ons dinge kan regmaak.

19 Nou, ons sal dit waardeer as julle graag die boodskap wil hoor: "Die Derde Eksodus,"… Nou, ons het baie eksodus gehad, maar ons kan beslis ons hand op die plek plaas, tyd van drie eksodus wat God, in die vorm van 'n vuurkolom, afgekom het om mense te roep en te skei. En nou, dis skeiding van mense.

En ons vind uit dat toe Hy Sy eerste eksodus geroep het, het Hy voor hulle uitgegaan in 'n

vuurkolom en hulle gelei na—gelei na 'n land, waar Hy later voor hulle verskyn het in 'n vorm van 'n Man genaamd Jesus Christus. (Hy het van God gekom en na God toe gegaan.) En Hy is verwerp. En Hy het toe gekom om 'n volk te roep uit 'n formele toestand waarin hulle beland het, soos hulle onder in Egipte gehad het: hulle gee toe aan sonde en aan die weë van die Egiptenare. En God het hulle uitgeroep.

En nou vind ons die tweede keer wat hulle toegee onder gevangenskap aan 'n Romeinse Ryk. En hulle het in die geloofsbelydenisse afgegaan en weggegaan van die ware opregtheid van die aanbidding, en God het weer 'n ander eksodus gestuur. Hy het verskyn in die vorm van 'n Man wat mense gelei het.

20 In die eerste eksodus was Hy 'n vuurkolom. Toe, toe Hy op aarde gekom het in die Lam, na waar Hy hulle gelei het… Wat 'n pragtige tipe sal dit wees in die millennium, waar Hy nou die kerk lei. Ons sal Hom sien soos Hy is. Ons sal 'n liggaam hê soos Sy eie glorieryke liggaam.

En, vandag, deur die lig van die evangelie wat van 'n lig weerkaats, 'n vuurkolom sigbaar onder ons… Wetenskap het dit gesien; dis in die tydskrifte en regoor die wêreld; en dit is beide wetenskaplik en geestelik erken as dieselfde vuurkolom, deur dieselfde tekens en dieselfde dinge wat dit altyd gedoen het.

En nou, te midde van dae wanneer daar baie fanatisme en dinge is, tog, identifiseer God Homself altyd. Nou, ons vind dit, en wat 'n glorieryke ding is dit om te weet dat hierdie aardse tabernakel eendag, hierdie ou swak liggaam waarin ons siek en beproef is, verander sal word en gemaak word soos Sy eie glorieryke liggaam. Dan sal ons Hom sien soos Hy is en met Hom wees in die land waarvoor ons vandag bestem is. O, ek—laat ons amper voel om te staan en sing, ek is bestem vir die beloofde land. Hulle sal dit in elk geval waarskynlik by die doopdiens sing, want dis ons dooplied.

21 Nou, aan die broers, beide hier en in die land waarheen die bande gaan (en dis wêreldwyd), hierdie boodskappe is nie aan enige sekere individu gerig nie. En ons wil nie hê mense moet dink dat ons een of ander soort van 'n groep of 'n klomp fanatici is wat onsself bymekaar gemaak het om onsself af te skei nie, skynbaar nie die geloof het nie, of onsself teen enigiemand, of teen God, of teen die kerk. Ons is vir die kerk, maar ons probeer net uitwys, deur die Heilige Gees en Sy hulp, die rede vir hierdie segregasie wat ons vandag het. Ons glo nie daarin nie. Ons glo dat alle kerke saam behoort te wees, nie afgesonder nie, die Metodiste aan hulle groep, en die Baptiste aan hulle s'n, en die eenheid, en die trinitariërs, en wat-ons-het, almal afgesonder. Ons glo dat dit saam moet wees as een groot, verenigde groep van die liggaam van Jesus Christus wat wag vir daardie glorieryke koms. Hulle behoort glad nie geskei te wees nie.

22 En wat dit skei, daar sal sekerlik 'n basiese rede wees waarom ons nie saam is nie. En deur dit te bestudeer, besef ek in die bestudering daarvan, dis nie die kleure van ons vel nie; want geel, swart, bruin, en wit skei almal af in verskillende organisasies. Dis nie die soort kos wat ons eet nie; ons eet almal dieselfde kos, ons dra dieselfde soort klere, ensovoorts. Maar ek sien waar dit basies is: is manne wat van die gebaande weg van die onderrig van die evangelie af is. Elke man… En daar behoort een of ander manier te wees om definitief te wys wat reg en verkeerd is. En die enigste manier wat jy dit ooit sal doen, is nie om enige interpretasie aan die Woord te gee nie, lees dit net soos dit is, en glo dit so.

23 Elke mens wat sy eie interpretasie plaas, laat dit iets anders sê.

Bring dit terug na die oorspronklike organisasie van die Katolieke kerk, wat die Katolieke kerk glo dat God in Sy kerk is, en die Woord het niks daarmee te doen nie, en God is in Sy kerk. En ons Protestante, soos ons vind in Openbaring 17, dat hulle almal saam opgehoop het, en dat die Katolieke kerk die moeder van alle organisasies was. En ons sien dat die Protestantse organisasie, tog blind, blind, dieselfde aard het as die Katolieke kerk. Die Bybel noem die Katolieke kerk 'n hoer en noem die Protestantse kerk hoere. Het gesê dat die hoer die moeder of hoere was. En dit is, mense, dis 'n berugte vrou wat nie getrou aan haar huweliksbeloftes lewe nie. En ons maak almal aanspraak daarop om die Bruid van Christus te wees, en tog so onwaar. Wat sou die onwaarheid maak? Deur te lewe teenstrydig met die dissipline wat God uitgelê het vir Sy Bruid om volgens te lewe (dis my eie opinie), die Bybel. En dit is die onfeilbare Woord van God, glo ek.

24 En daarom vind ons uit dat die Protestantse kerk, ten einde 'n organisasie te hê, homself afsonder selfs van die Skrifte om sy organisasie te maak.

Predikers, geordineer, sal vashou aan dinge wat hulle, en hoe hulle na my studeerkamer kom, en in die kamers by die honderde, en vir my sê: “Broer Branham, jy maak daardie uitdagings vir mense. Niemand gaan daarbuite daarteen staan nie. Hulle weet dis die waarheid.”

“Waarom,” sê ek: “waarom doen jy dit nie?”

“Wel, jy sien, as ek dit doen, sal ek vir my brood smeek. Niemand… Ek het 'n bediening; ek moet by die Here uitkom. En ek moet by die mense uitkom. En ek sal geen ondersteuning hê nie.”

Besef julle net dat Christus ons rugsteun is, die Bybel is ons steun, sien. Maar dis … sien. Dan gooi dit die Protestantse kerk presies dieselfde ding wat die Katolieke kerk is.

25 "Die Katolieke kerk gee nie om nie…" Wel, ek sê nie… Ek maak dit nie so onbeskof om te sê hulle gee nie om wat die Bybel sê nie. Hulle glo die Bybel, maar (sien?) hulle het 'n… Apostoliese opvolging is waarop die Katolieke kerk gebaseer is; dis die opeenvolging van pouse, en noem Petrus die eerste pous en verder af. Nou, hulle glo dit; hulle glo dit uitdruklik.

En die Protestante (sien?), hulle kom bymekaar en het 'n organisasie net presies soos hulle het by Nicaea, Rome, waar hulle die Katolieke kerk by die Nicaea Raad georganiseer het. En ons vind dat hulle albei dieselfde is; hulle is albei dieselfde: hulle verlaat die Woord van God om 'n organisasie te maak. Sien? En dan wanneer dit kom by baie groot waarhede, wat vreemd lyk vandag, dis vreemd vir hulle, want hulle is net geleer deur 'n ritueel. Ons het geen ritueel behalwe die Bybel nie. Ons het niks behalwe God se Heilige Woord nie, en dis waar ons staan.

26 En nou, vandag wil ek 'n Skrif lees, net 'n minuut, uit die heilige, heilige Woord van God, gevind in die boek van Lukas, die 23ste hoofstuk van Lukas om te baseer—'n platform te kry van wat ek wil sê, 'n basiese gedagte oor die ding waaroor ek wil praat. En julle blaai nou na Lukas die 23ste hoofstuk. En ek wil een vers lees; dis al wat ek nodig het vir hierdie basis vanmôre om dit daarop te plaas. Nou, ons lees die 20ste—die 23ste hoofstuk, die 33ste vers van die 23ste hoofstuk:

*En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant.*

Nou, ek wil vier woorde daaruit neem, uit daardie gelese gedeelte om te baseer wat ek wil sê: daar het hulle Hom gekruisig—vier woorde. En my onderwerp word genoem… Ek bring 'n aanklag na die denominasionele kerke van hierdie dag en ook baie van die onafhanklikes omdat hulle Jesus Christus opnuut gekruisig het in hierdie dag—kla hulle aan.

Vanmôre word dit Die Aanklag genoem.

27 En ek wil dit soort van meer gebruik asof dit soos 'n kamer was, van 'n hofsaal, waar daar… En per slot van sake, die preekstoel en die kerk is 'n hofsaal. Die Bybel het gesê dis 'n regterstoel by … dat dit by die huis van die Here moet begin. En dit is soos die troon en die jurie, en die getuies, ensovoorts.

En ek het vandag, want my getuienis is God se Woord, en my aanklag is teen die kerke van vandag. Nou ek bring nie die sondaar hierin nie; ek praat dit net met die kerk. En dit moet nou in die bande wees, en ek sal probeer om deur te kom so vinnig as wat ek kan.

Ek kla hierdie geslag aan vir die tweede kruisiging van Jesus Christus!

28 En nou, om dit te doen in hierdie eeu waarin ons lewe, as ek dit doen, moet ek bewys lewer. As ek 'n aanklag moet bring, moet jy 'n bewys toon van die kriminele oortreding wat gedoen is. Om hulle aan te kla moet ek die getuienis bring om dit te bewys, dat dit—dat wat ek sê, sal opstaan voor die hoofregter, wat… En ek neem myself as 'n prokureur vir—oor hierdie aanklag.

Dat die Woord van God my getuie is, kla ek hierdie geslag aan vir die kruisiging.

29 Ek moet wys, en sal wys, dat dieselfde gees vandag op die mense is wat die eerste kruisiging gebring het en dieselfde ding gedoen het. Ek moet dit doen, as dit 'n kruisiging gaan wees wat hulle gekruisig het. Ek moet vir die mense wys dat dieselfde gesindheid in die mense vandag dieselfde ding doen, geestelik, wat hulle toe fisies gedoen het: hulle het Jesus Christus, die Seun van God, fisies gekruisig.

En nou, vandag, deur dieselfde Woord, deur dieselfde Heilige Gees, en dieselfde Woord, wil ek die kerke wys waar hulle staan: dat hulle vandag dieselfde ding doen; en die Bybel het gesê hulle sou dit doen; en bewys dat dit die dag is waarin ons lewe.

Dit kon nie 'n paar jaar gelede gedoen gewees het nie. Ek sê vyftig jaar gelede kon dit nie gedoen word nie. Maar vandag is dit baie tydig. En dit kon nie gedoen gewees het nie, miskien, tien jaar gelede, maar dit kan vandag gedoen word, want die tyd is verby. Ons is by die eindtyd. En ek glo, as sy dienskneg, dat ons net op die punt is om oor te gaan van hierdie land na 'n ander.

Daarom, die tyd vir bekering vir 'n volk is weg, ek glo dat hierdie volk nie kan bekeer nie. Ek glo dat dit die lyn tussen genade en oordeel oorgesteek het. Ek glo sy waggel in die weegskaal.

30 "Broer Branham, voor jy jou saak begin, hoe gaan jy dit bewys?" Net dit: dat ons skuldig is aan dieselfde sondes waardeur God die wêreld vernietig het in die wêreld voor die sondvloed. Ons is skuldig aan dieselfde sondes waaroor Hy die wêreld in Sodom en Gomorra vernietig het. En nou… En ons het al dieselfde geestelike getuienis wat hier voor ons lê, almal dieselfde geestelike getuienis, wêreldwyd

bekend, wat die genade van God afgebring het op daardie geslagte, wat ook die oordeel gebring het. So as hierdie geslag dieselfde genade verwerp het wat in daardie dae verwerp is, sou God onregverdig wees om hulle te laat wegkom sonder oordeel.

Soos Jack Moore, 'n vriend van my, eenkeer gesê het: "As hierdie nasie wegkom sonder 'n straf van God, dan sou God verplig wees om Sodom en Gomorra op te rig en verskoning te vra vir hulle verbranding."

31 Nou, ons weet dat hulle geestelik dieselfde ding doen vandag, want hulle doen dit vir dieselfde doel en op dieselfde manier wat hulle in die kruisiging van die Here gedoen het, fisies. Hulle doen dit as gevolg van jaloesie, as gevolg van geestelike blindheid, wat hulle nie wil sien nie; hulle wil nie daarna luister nie. Jesus, op Sy reis hier op aarde, het Hy gesê: "Wel het Jesaja van julle gepraat; julle het oë en kan nie sien nie, en ore en kan nie hoor nie."

Dieselfde rede, dieselfde doel, en dieselfde redenasies, hulle bring die kruisiging van Christus opnuut, opnuut (soos ons na 'n rukkie daarby sal uitkom), vir dieselfde redes as wat hulle toe gedoen het. Hulle kan niks daarteen vind nie; hulle durf dit nie probeer uitdaag nie. En hulle weet die bewys is daar; en hulle weet die Bybel sê so; en die enigste ding wat hulle kan doen is om dit te laster. Dis presies. So… En dit alles, dieselfde redes…

32 En nou, op hierdie basis daag ek hierdie geslag van die kruisiging van Jesus Christus uit, vir kruisiging, en skuldig. Met vuil, bose, selfsugtige, denominasionele hande het hulle die Prins van die lewe gekruisig wat Homself aan die mense wou voorstel.

Julle sê: "Dieselfde persoon?"

"In die begin was die Woord … en die Woord was God. En die Woord het vlees geword," en het homself gemanifesteer. Die Woord was gemanifesteer in vlees, en hulle het die vlees veroordeel en dit doodgemaak; omdat die Woord gemanifesteer is. Hebreërs 13:8 het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir ewig." Dis dieselfde Woord. Sien? En om dieselfde rede probeer hulle die Woord kruisig.

33 Nou, na my teks, om terug te breek op die onderwerp wat ek wil neem: Daar … die vier woorde. Laat ons daar verduidelik. Daar, die heiligste stad in die wêreld, Jerusalem; daar, die godsdienstigste stad in die wêreld. Daar het hulle, die godsdienstigste mense in die wêreld, by 'n godsdienstige fees, die fees van die Pasga. Daar, die godsdienstigste plek, die godsdienstigste stad, die grootste van al die organisasies, die hoof van dit alles, daar het hulle, die godsdienstigste mense in die hele wêreld, van regoor die wêreld vergader. Hulle het gekruisig, die skandelikste dood wat kon wees—'n persoon kon doodgemaak word—naak, het die klere van Hom gestroop. Hy het die smaad verag. Die kruisigers het 'n lap om Hom gedraai, maar hulle het Sy klere van Hom afgestroop. Die skandelikste…

34 Daar (die grootste godsdienstige stad) het hulle (die godsdienstigste mense) Hom gekruisig (die skandelikste dood) (die kosbaarste Persoon).

As dit nie genoeg is om hierdie geslag te veroordeel nie! Daar, die godsdienstigste organisasie, die grootste van al die kerke, het saam vergader in een plek; hulle, die godsdienstigste mense van al die rasse, die mense wat veronderstel was om die einste aanbidders van God te wees… Hulle het vergader by die grootste heilige fees wat hulle het, die reiniging van die Pasga, toe hulle van slawerny gebring is tot in vryheid. En daar in daardie tyd het hulle, op daardie tyd, die godsdienstigste mense, in die godsdienstigste fees, by die godsdienstigste plek, die Prins van die lewe die skandelikste ding gebring wat gedoen kon word: om 'n man te stroop en om hom te hang aan 'n boom; omdat "Vervloek is hy…" die wet gesê het wat hulle aanbid het: "Vervloek is hy wat aan 'n boom hang." En Hy is 'n vloek vir ons gemaak. Sy klere uitgetrek, Hom geslaan, en Hom gespot, die einste God van die hemel, Sy klere van Hom weggeneem, en Hom aan 'n kruis gespyker… Hom, daar het hulle Hom gekruisig onder Romeinse doodstraf.

35 Die skandelikste dood vandag sou nie geskiet word nie. Die skandelikste dood vandag sou nie—om deur 'n motor omgery te word en doodgemaak te word, verdrink deur water, verbrand deur vuur nie; maar die skandelikste dood vandag is openbare doodstraf, waar die hele wêreld jou veroordeel en jou skuldig noem. En die hele wêreld het hulle hande op hierdie Man gesit en Hom skuldig genoem toe Hy onskuldig was. En Hy het gesterf onder die vyand, nie Sy vriend s'n nie, nie Sy wette nie, maar onder die vyand se kruisiging, die Prins van die lewe, die kosbaarste Persoon wat daar ooit gelewe het, of ooit sal lewe, Jesus Christus—Hy, die kosbaarste Persoon. Hou dit nou in gedagte terwyl ons daardie platform vandag bou.

36 Kan julle julle voorstel, by 'n plek soos Jerusalem, waar vir 2 500 jaar of meer, dat die mense—of honderde jare… Ek mag 'n bietjie lank daarin wees. Mag dalk omtrent agt- of negehonderd jaar of iets gewees het. Ek weet nie presies wat die lengte is van die tyd dat Salomo die tempel gebou het nie. Ek

stel my voor, omtrent agthonderd jaar, soiets. En hulle het uitgesien na 'n komende Messias. Hulle het daar vergader vir die aanbidding van die Pasga. Dink nou net daaraan: die hoof van al die Fariseërs, Sadduseërs, en dinge soos dit, een groot byeenkoms om God te aanbid. Die allerheiligste plek, Jerusalem, die tempel van die Here, en die mense van die Here het die Here Self geneem, en Hom met die doodstraf gekruisig. So 'n ding.

37 Nou, daardie vier woorde: Daar het hulle Hom gekruisig. Nou wys julle steeds die Bybel. Julle sien, dis net vier woorde, maar die Bybel kondenseer sy waarhede. Nou ek, ek moet ver gaan en verduidelik waarvan ek praat, maar die Bybel hoef niks te verduidelik nie. Dit is net alles waarheid. So, die Bybel hoef niks te verduidelik nie. Dit hoef dit nie te verduidelik nie, want dit is alles die waarheid.

Hier is vier woorde van sy groot ketting van waarheid. Ek sal dit probeer verduidelik. En om dit duidelik te probeer verduidelik, sou 'n biblioteek maak. Daar's geen manier vir my om daardie vier woorde te verduidelik nie. Maar nou, laat ons, deur die hulp van Hom wat veroorsaak het dat dit geskryf is, hierdie vier woorde probeer verduidelik, om dit op so 'n manier te bring, dat mense dit sal verstaan.

Wat het ons nou voor ons? Ons het die eerste kruisiging wat voor ons lê by die heiligste plek, die godsdienstigste mense, die skandelikste dood, vir die kosbaarste Persoon. O, dis so 'n teenstrydigheid! Goeiste, o goeiste, dis skandelik!

38 Nou, laat ons eers die eerste woord neem: Daar. Laat ons daaroor praat 'n paar minute voor ons die aanklag bring. Ons sal dit opbreek en julle wys wat hulle gedoen het, dan sal ons uitvind of my aanklag korrek is of nie. Daar, Jerusalem, heiligste plek, want die tempel was daar; die heiligste plek, omdat die tempel daar was, en Jode van regoor die wêreld bymekaar gekom het na hierdie een plek, 'n byeenkomsterrein vir aanbidding. Die mees—grootste plek vir aanbidding wat daar was, was in Jerusalem. Die tempel was daar. Daar staan geskrywe: "Alle mense behoort in Jerusalem te aanbid." Goed, want dis 'n sentrum van aanbidding.

En vandag hoor julle hulle… Een van hulle wil sê hulle, "O, ons kom na hierdie groot konvensies," waar hierdie denominasies dit het. En dan het ons die opening van die—by die Vatikaanstad, en hierdie ordinasies van pouse, ensovoorts. Almal sê: "Ons behoort almal na die kampterrein van die Metodiste te gaan, of die Bybel—Baptiste konvensie," of, "Ons behoort almal na Rome te gaan." En daar is die groot middelpunt, noem hulle dit, van Christendom.

39 Gedurende die tyd van die laaste oorlog toe Rome geval het, het hierdie Duitse soldate (baie van julle seuns weet hiervan), daardie Duitse soldate het weer opgekom in die Vatikaanstad daar en geskiet op die Amerikaners soos hulle vooruitgegaan het. Broer Funk, en Broer Roberson, en baie van julle, Broer Beeler, en baie van daardie broers wat in daardie oorlog was, weet. En weet julle wat? Ons het bevele uitgereik dat hulle nie op daardie stad—Amerikaners kon vuur nie. Julle het daar gestaan, en julle was 'n teiken vir hulle; maar by die Westminister Abdy by die—in Engeland, kon jy op dit vuur, reg. Dis waar die Protestante vergader het, so dit was in orde om daarop te vuur, maar nie om op die Vatikaan te vuur nie; want as President Roosevelt… Ek het sy toespraak gehoor toe hy dit daardie aand uitgesaai het, genaamd: "'n Praatjie rondom 'n vuurtjie." Hy het gesê: "Toe Rome geval het," het hy gesê: "so 'n skande, want Rome is die hoof van die hele Christendom." Kan julle julle voorstel 'n Protestant wat dit sê?

40 So, die groot middelpunt van Christelike godsdiens… Wel, ons gaan dit soos Jerusalem plaas, as julle wil. As julle dit graag wil doen, laat ons dit by Jerusalem plaas. Die hoof van al hierdie ander, die Sanhedrins, en van die Fariseërs, en van die Sadduseërs, almal van hulle het opgegaan na Jerusalem. Dit was regtig die hoofkwartier.

En in die organisatoriese lewe moet jy erken dat die Rooms Katolieke Kerk die moeder van dit alles is. Sy is beslis. En dit het vanaf Pinkster begin, dis waarby hulle gekom het toe hulle georganiseer het. Nou ons, die Protestante, is net klein susters van daardie kerk af.

En nou, laat ons sê dit sou daar wees by die Vatikaan vandag,

41 of daar in Jerusalem, soos dit was op daardie dag toe alle mense na Jerusalem moes kom om te werk—te aanbid. Waarom het hulle dit gedoen in die dae van Jesus? Waarom het hulle gesê alle mense moet in Jerusalem aanbid? Want daar is net een plek waar God gemeenskap met die mens sal hê; dit is onder die bloed van die offerhande. Dis waarom hulle na Jerusalem moes kom. God sal nooit met die mens êrens anders ontmoet nie, behalwe onder die bloed. Wanneer jy die bloed wegwys, dan is jou ontmoetingsplek met God weggeneem. God het Sy eerste besluit geneem in die tuin van Eden, dat die mens Hom net sou aanbid onder die gestorte bloed van die offer. En dis die enigste plek wat God toe met die mens ontmoet het;

42 en dis die enigste plek waar God ooit die mens ontmoet het; en dis die enigste plek waar Hy vandag met die mens ontmoet, is onder die gestorte bloed van die Offerhande, sien.

Ek gee nie om of jy 'n Metodis, Baptis, Presbiteriaan is, as jy jou verskille kan vergeet (Rooms Katoliek, wat jy ook al mag wees) en onder die gestorte bloed sal kom nie, God sal met ons albei daar ontmoet. Dis waar ons almal kan ontmoet en gemeenskap hou op dieselfde gronde. Maar andersins sal Hy nie ontmoet net omdat jy 'n Metodis is nie. Hy sal nie ontmoet net omdat julle Pinksters is nie. Hy sal jou ontmoet onder een voorwaarde; dis onder die gestorte bloed, wanneer jou sondes bely en uitgedryf is in Sy teenwoordigheid. Dan deur die bloed… En die bloed is altyd voor Hom, en daarom kan Hy jou alleen deur daardie gestorte bloed sien. En jy is wit soos sneeu (sien?) wanneer jy jou sondes bely het; andersins is jy nie daar nie. Jy kan nie gemeenskap hê nie.

43 Dis waarom jy nie dinge in die kerke sien gebeur nie; hulle bely dat hulle die bloed glo, maar hulle verwerp die einste plan om by die bloed te kom, die Woord, sien. Daar's net een manier waarop God daardie Woord sal eer. Jy sal nooit daardie Woord eer deur te kom en te sê: "Ek is 'n Rooms Katoliek; ek eis dat dit gedoen moet word." Jy kan dit nie doen nie. Metodis, Baptis, of Pinksters, jy kan dit nie doen nie. Die enigste manier waar op jy dit kan doen, is onder die genade van God deur Sy genade, is om deur die gestorte bloed van Jesus Christus te kom. Sê: "Here, ek maak aanspraak op die belofte," sien. En dan as jy regtig onder daardie bloed is, is God verplig teenoor daardie Woord. Maar eers moet jy onder daardie bloed wees. Sien julle dit nou?

44 Geen wonder hulle kan nie in wonderwerke glo nie. Geen wonder jy kan nie in die bonatuurlike glo nie. Geen wonder dat hulle dit veroordeel nie. Dieselfde rede waarom hulle dit destyds veroordeel het, is dieselfde rede waarom hulle dit vandag veroordeel het. Hulle is skuldig soos skuldig kan wees, want net onder die gestorte bloed… En diegene wat sou waag… Een of ander broertjie wat onder nederigheid waag om God op Sy Woord te neem en daar uit te stap, en sy sondes bely, en al hierdie dogmas en dinge vergeet, en staan daar onder die bloed, en glo dit, dan wil hulle hom 'n fanatikus noem. Hulle wil hom klassifiseer, soos ons dit sou sê (dis nie 'n goeie woord om by die preekstoel te gebruik nie, maar sodat julle sal verstaan), hy's 'n snaakse kêrel. Per slot van sake, is ons nie almal snaaks nie? Sien? Die gelowige is 'n snaakse kêrel vir die ongelowige, en die ongelowige is 'n snaakse kêrel vir die gelowige. So, wie is die snaakse kêrel? Sien? Die boer is 'n snaakse ding vir die sakeman; die sakeman is 'n snaakse ding vir die boer, sien. So, wie is hy in elk geval?

Ek sê vir julle, verlossing is 'n individuele saak met die mens en God alleen: een individu, soek ons eie verlossing uit met vrees en bewing. En ek ken geen ander basis, as 'n leraar vanmôre, of as 'n prediker van Christus, as om dit neer te lê op die Woord nie. Ek kan dit nie op enigiets anders plaas nie.

45 Nou, ons vind daar, dan, dat slegs onder die bloed, dat God die aanbidder ontmoet het, so het hulle by Jerusalem ontmoet. En Christus is God se voorsiende Lam van offerhande. En vandag is daar net een plek waar God die mens sal ontmoet, en dis onder die bloed van Jesus Christus. Enige ander plek word dit veroordeel; God sal dit nooit hoor nie. Jy mag allerhande emosies doen, en alle soorte ismes, en skud, en spring, en bloed en vuur en rook en alles anders hê; maar solank daardie lewe nie met die Woord vergelyk word nie, en God daardie lewe deeglik identifiseer; dan is dit nie nodig om dit te probeer nie, want jy's uit. En God sal dit nooit ontmoet totdat dit onder die sorg van daardie bloed kom nie. Dis reg.

46 So julle sien, in die Skrif het ons 'n Jerusalem (die kerk het); dis in die hemel, 'n hemelse Jerusalem, waar God God is. En vandag is dit nie onder een of ander geloofsbelydenis of iets wat ons probeer om dit 'n Jerusalem te maak nie. Ons wil graag… Die Metodiste wil graag die Metodiste hoofkwartier in Jerusalem maak; die Katolieke wou Rome graag maak. En die verskillende plekke waar ons ons hoofkwartiere het, ons wil dit graag 'n Jerusalem maak. Maar die Bybel sê dat ons Jerusalem van bo is, wat moeder is van al die gelowiges.

47 Nou, en Christus is God se voorsiende Lam. Let op hoe toepaslik dit nou was, wat getoon het dat Jerusalem opgehou het. Wanneer? Dit was van krag tot daardie uur; die bloed van die lam was reg tot daardie dag. Maar nou, by die kruisiging verander dit. Die ou stelsel is klaar. Daar was 'n nuwe een, en die Lam was by die offerhande. Die Lam, die offerlam, was op die grond. Hulle het veroordeel en die einste ding daar gedoen wat hulle moes doen. Dis reg.

God sy geseënd vir die sien van hierdie wonderlike, hemelse lig in hierdie laaste dag, want die kerke doen dieselfde ding vandag. Tot die uur wat daardie organisasie-godsdiens veroordeel is en bewys word om Christus se Woord op te offer, van toe af kom die Woord en die Woord alleen. Vandat die ou Pasgalam dood is, en Christus ons Lam geword het op die dag van die kruisiging. En die dag toe die denominasie die Woord van God gekruisig en 'n geloofsbelydenis aanvaar het in plaas van die Woord, dis die dag toe die Woord ten volle in werking getree het. Dit was net onlangs.

48 Let op tweedens: eerstens, daar, Jerusalem; tweedens, hulle. Hulle wie? Die Jode, die aanbidders. Dink daaraan. Die aanbidders self het die einste Een doodgemaak wat hulle beweer het om te aanbid. Kan julle julle so 'n ding voorstel soos intelligente manne wat priesters was, wat opgelei was, wat doktorsgraad gehad het totdat hulle—waarskynlik… Hulle moes uit 'n sekere geslag kom voordat—of stam voordat hulle selfs 'n priester kon wees. Hulle moes Leviete wees. Hulle vaders was priesters; hulle

grootvaders was priesters, hulle groot-groot-groot-groot-groot-vaders was priesters. En hulle moes so 'n toegewyde lewe lei, totdat een jota teen hulle is, hulle gestenig sou word. Geen genade is toegestaan nie. Heilig? Sekerlik, maar selfgemaakte heiligheid. Moes so optree om hulle gesig vir hulle kerk te wys. Binne hulle het Jesus gesê: "Julle is vol dooie mensbeendere."

Hoe kon ek nie 'n aanklag daar bring nie. Manne wat weet dat dit die waarheid is, hierdie Woord die waarheid is, en daarmee sal kompromitteer om 'n gesig te wys voor een of ander organisasie! Ek het 'n reg om hulle aan te kla (dis reg) op God se Woord.

49 Let op, hulle, die aanbidders, die manne wat gesoek het na die belofte, die manne wat daarna gesoek het deur jare en eeue en met niks te doen behalwe in daardie konstante kweekskool nie; maar hulle het die Woord verdeel volgens die leer van die kweekskool, en hulle het die waarheid daarvan gemis. Hulle, die priester, die bediening van daardie dag; daar, by hulle hoofkwartiere, hulle, die bediening van daardie dag het die einste God doodgemaak, die einste Lam. Die einste een wat hulle beweer het hulle aanbid, het hulle doodgemaak.

En vandag kla ek hierdie klomp geordende predikers aan! In hulle geloofsbelydenisse en denominasies kruisig hulle vir die mense die einste God wat hulle beweer dat hulle liefhet en dien. Ek kla hierdie predikers aan in die Naam van die Here Jesus, op hulle doktrine, wat beweer dat die dae van wonderwerke verby is, en dat die waterdoop in die Naam van Jesus Christus nie voldoende en nie reg is nie. Op enige van hierdie woorde wat hulle met geloofsbelydenisse vervang het, kla ek hulle aan as skuldig, en die bloed van Jesus Christus op hulle hande, vir die kruisiging van die Here Jesus die tweede keer! Hulle kruisig Christus vir die publiek, neem van hulle die ding wat hulle veronderstel is om aan hulle te gee, en hulle het Sy plek met iets anders vervang, 'n kerk se geloofsbelydenis vir gewildheid.

50 Daar het hulle, hulle, diegene wat beter behoort te geweet het. As enigiemand van beter moes geweet het, moes dit daardie predikers gewees het. As enigiemand van beter sou weet, behoort dit die geestelikes van hierdie dag te wees! As enigiemand behoort te weet, die biskoppe, en aartsbiskoppe, en predikers, en doktore van goddelikheid behoort anders te weet. Maar waarom kan hulle nie? O, wat 'n teenstrydigheid! Wat het ons hier voor ons, behalwe 'n teenstrydigheid? Hulle maak aanspraak dat hulle God aanbid, en hulle maak die Prins van die lewe dood.

Hulle… Daar het hulle Hom gekruisig, en hier doen hulle weer dieselfde ding, want Hy is die Woord. Dis wat… Hy was net 'n refleksie van die Woord. En dis wat Hy vandag is, 'n refleksie van die Woord, probeer om iemand te vind om Homself deur te reflekteer.

51 En hierdie mense hou die gemeente weg van God. En as daar enigiets gebeur, en waarvan gepraat word in die gemeente, veroordeel hulle dit van die platform af, van die preekstoel af, en sê: "Dis fanatisme. Bly weg daarvan af." Deur dit te doen, kruisig hulle Jesus Christus in 1963, en is net so skuldig soos daardie kêrels by die—op daardie dag. Dis 'n vreeslike stelling, maar dis die waarheid.

Toe… Dis presies wat hulle vandag doen. En op hierdie gronde, op die gronde van Christus te kruisig, op die gronde van die neem van die Woord, en dit weg te neem van die mense, is presies wat hulle daar gedoen het. Die einste Woord wat God deur Sy eie Seun gereflekteer het om te bewys dit was, en die een wat hulle beweer dat hulle liefhet, die Jehova wat Homself gemanifesteer het deur die Skrifte, het presies gedoen wat Hy gesê het Hy sou doen, presies wat God gesê het Hy sou doen, en het dit voor hulle gereflekteer. As gevolg van die liefde van hulle kerkgroepe en sulke dinge, het hulle die Prins van die lewe veroordeel.

52 En ek veroordeel dieselfde groep vandag en kla hulle aan as skuldig voor God, deur die Woord van God, dat hulle dieselfde ding doen. Hierdie geslag word aangekla.

Onthou Hebreërs 13:8. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir ewig.

Hoe het hulle Hom aangekla? Omdat hulle geloofsbelydenisse Hom nie wou aanvaar nie. En onder in hulle hart het hulle anders geweet. Het Nikodémus dit nie goed uitgedruk in die 3de hoofstuk van Johannes nie? "Rabbi, ons, die Fariseërs, die predikers, die leraars, ons weet U is 'n leraar gestuur van God, want geen mens kan die dinge doen wat U doen tensy God met hom was nie," sien. Hulle getuig dit in die openbaar deur een van hulle bekende manne. En woedend, as gevolg van hulle geloofsbelydenisse het hulle Christus gekruisig. En vandag is daar nie 'n leser wat nie Handelinge 2:38 kan lees soos ek dit kan lees nie, en die res daarvan net dieselfde as wat ek dit kan lees. Maar as gevolg van hulle geloofsbelydenisse en as gevolg van hulle denominasionele kaartjies wat hulle in hulle sak gekry het. (Die merke van die dier wat hulle as gemeenskapskaarte ronddra.) En deur daardie dinge te neem, kruisig hulle vir hulleself Jesus Christus opnuut, en kruisig Hom voor die publiek, en laster die einste God wat belowe het om dit te doen, bring oordeel oor die wedloop.

53 Daar… Daar het hulle, nie die sondaar nie, hulle, dit is die kerk van daardie dag, het hulle fout gevind met die Man wat die Woord was. Is dit reg? Hulle het fout gevind met die Man wat die Woord was. Nou

vind hulle fout met die Woord wat deur die Man werk (hulle het dit net omgekeer), wat in die persoon is, wat—die Heilige Gees wat deurwerk, is God se bevestiging. Hoe het hulle geweet Hy was Christus? Omdat Sy werke bewys wat Hy was. Hy het gesê: "Watter een van julle kan My van sonde veroordeel? As Ek nie net presies gedoen het wat die Skrif gesê het Ek sou doen nie… En wat… Iemand vir My sê waar Ek iewers gefaal het, as Ek nie elke teken getoon het dat Ek die Messias is nie, dat Ek die einste Een is wat jy belowe het!"

Gesê, hulle het gesê: "Wel, ons het Moses. Ons glo Moses."

Gesê: "As julle Moses sou geglo het, sou julle My glo. As julle… Moses het My dag gesien en begeer om in hierdie dag te lewe. Moses het dit van ver af in die profete gesien. En hier lewe julle reg daarvolgens en veroordeel." Gesê: "Julle skynheiliges," gesê: "julle kan die voorkoms van die lug onderskei, maar die teken van die tyd kan julle nie onderskei nie."

54 Daar is dit, die teken van die tyd.

Wat het hulle Hom geklassifiseer? 'n Fanatikus, 'n mal Man. Ja, hulle het fout gevind met die Man wat die Woord was. Hy was die Woord. Johannes, 1ste hoofstuk bewys dit: In die begin was die Woord, en die Woord was by God ... en die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon…

Hy was die lewende Woord van God, omdat Hy God deur Homself uitgedruk het. Hy was so volkome oorgegee aan die Woord van God, dat Hy en die Woord dieselfde was. En dis presies wat die kerk vandag behoort te wees, dat die Woord van God dieselfde is. Hoe kan jy deel wees van daardie Woord wanneer jy feitlik alles daarvan ontken? En die rede waarom dit gedoen word, is nie omrede die mense nie. Dis die rede waarom ek dink God met my gepraat het om hierdie mense die "Rickys" en "Rickettas" te noem. Dis as gevolg van hierdie selfsugtige denominasies wat daardie mense het wat daar lewe op die manier wat hulle lewe. Hulle het die waarheid gekruisig, en die mense noem dit 'n godslastering—en hulle maak dit godslastering, liewer. Hulle noem dit fanatisme, ensovoorts, en weet nie dat hulle die einste God laster waarvoor hulle kerk toe gaan om te dien nie.

Daarom kla ek hierdie klomp geestelikes vandag aan. Ek kla hierdie geslag aan in die Naam van Jesus Christus, onder die gesag van God se Woord: julle kruisig Hom weer.

Let op, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir ewig. God se Woord is bevestig in 'n Man.

55 Vergelyk die twee Gólgota's en hulle beskuldiging. Onthou: "Omdat Hy homself God gemaak het, sal ons nie hierdie Man oor ons laat heers nie." Wat was die beskuldiging wat hulle daardie oggend in die raad kon vind, toe hulle Jesus gekruisig het? Dat Hy Homself God gemaak het—Hy was God; en Hy het die Sabbat gebreek—en Hy was die Here van die Sabbat. Hulle het Hom veroordeel omdat Hy Homself God gemaak het. "Jy het geen reg om dit te doen nie. Jy het geen reg nie. Ons hoëpriester… As enigiets kom, kom dit deur ons priester."

Nou, vergelyk dit met die Gólgota vandag. Toe God (dit het die Vader so behaag, God, die Gees, om Sy eie Seun op te wek) Maria oorskadu het deur die Heilige Gees en 'n liggaam voortgebring het wat Hom kon dien en Sy doel kon dien om… Die—God was in Christus, die volheid van die Godheid liggaamlik, in Hom wat reflekteer wat God vir die mense was, laat die hele wêreld weet wat God wou hê elke individu moet wees: 'n seun en dogter. Hy het een Man geneem en dit gedoen. En omdat Hy nie by hulle organisatoriese geledere aangesluit het nie, het hulle Hom veroordeel en Hom gekruisig.

56 Vergelyk nou daardie Gólgota met vandag! As gevolg van organisatoriese vooroordeel, as gevolg van onverskilligheid tussen geleerdes wat God se Woord en plan behoort te ken; as gevolg hiervan, kan God 'n klein groepie mense neem waardeur Hy iewers kan werk en Homself reflekteer, wat hulleself sal verneder tot die Woord. En hulle kan nie sê dit is nie so nie. Hulle kon nie sê Hy het dit nie gedoen nie, want hulle gemeente was getuie daarvan. Dit was voor hulle. Hulle kon dit nie ontken nie. Hulle kon nie sy aansprake ontken nie, want die einste Woord wat hulle gesê het hulle glo was die een wat bewys het dat Hy was, omdat God die Woord geneem het wat veronderstel was om die Messias te wees en dit deur 'n Man gewys het. En hulle moes van Hom ontslae raak. Die enigste manier wat hulle kon aangaan, was om ontslae te raak van die Messias. En hulle het dit gedoen deur blindheid en onkunde, ongeag van hulle geleerdheid. Hulle was baie intelligent, wêrelds gesproke, soos ons nou die aand vergelyk het. Toe die lig die ryk jong heerser getref het, kyk wat het hy gedoen. Hy het verwerp—'n slim man. Paulus, nog 'n slim man, die lig het hom getref. Wat het hy gedoen? Hy het dit aanvaar. Hy het alles vergeet wat hy ooit geweet het, sodat hy Christus mag ken. Dit het sy lewe die evangelie waardig gemaak. (Verlede Sondagaand se boodskap.)

57 Daar is dit vandag. Dit tref miskien een of ander mannetjie wat weggegaan het, 'n roeping van God gehad het, het hy gevoel, het na 'n kweekskool gegaan en 'n paar geloofsbelydenisse geleer. Hy moet volgens daardie geloofsbelydenis lewe of sy gemeenskapskaart opgee. As hy dit doen, is hy swart gemerk. Niemand anders sal hom hê nie, want eenmaal het hy aan iets anders behoort; en nou, hy

behoort nie daaraan nie. Hulle reken daar is iets verkeerd met daardie man, en hulle sal hom nie in hulle gemeente hê, wanneer die gemeente net na een teken soek nie, dit is: as hy glo wat hulle glo. As hy 'n kaart het, as hy 'n Metodis is… As hy 'n kaart het—behoort hy aan 'n ander gemeenskap, of eenheid, of drie-enig, of wat dit ook al mag wees, Kerk van God, of in die Pinkster geledere, en al daardie geledere… As hy 'n kaart dra, voel hulle dat die hoofkwartier hom deurgekyk het, en sy gedagtes getoets het, en hom 'n sielkundige toets gegee het, en kyk of sy IK hoog genoeg was dat hy voor hulle kon praat. As hy dit nie doen nie, wys hulle hom weg. Dis reg.

58 Maar julle sien, die gemeente behoort die hand van die Here dop te hou; kyk of God hom sy verordening gegee het of nie. Dis waarna ons behoort te kyk. Maar vandag kruisig hulle die Seun van God opnuut. Wanneer 'n mens in staat is deur die genade van God om deur God geroep te word, om God Homself deur hom te laat reflekteer… "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen," het Hy gesê.

Let op in watter dag ons lewe. Hulle neem die einste Golgota wat ons kan vanmôre en die einste rede… Nou, hulle het geweet dit was waarheid, maar as gevolg van jaloesie, vooroordeel… Wat het Jesus vir hulle gesê: "As Ek duiwels uitdryf deur die vinger van God, deur wie dryf julle hulle dan uit? Laat hulle julle regter wees, sien. As Ek, deur die vinger van God duiwels uitdryf…"

Nou, net soos julle hulle hoor sê het: "Kan Jy bewys dis die vinger van God?" Ek wil graag, ek wil graag hoor dat daardie vraag aan Hom gevra word. Hulle was te slim daarvoor.

Let op! Omdat Hy Homself God gemaak het (en Hy was God)… "En ons wil Hom nie oor ons laat heers nie."

59 Maar nou, die ding—dieselfde ou uitroep kom weer. "Daardie Bybel is deur mense geskryf," sê hulle. "Ons hoef nie daarvolgens te lewe nie." Dis God se Woord; dis God Self.

Ek het gister met 'n man gepraat, gesê: "Wel, een of ander man kon daardie Bybel geskryf het."

Ek het gesê: "Ja, daar was. Sy Naam… Ons ken Hom as God." Dit was geskryf in vierduisend jaar uitmekaar, byna, die Skrifte, terug van Job, al die pad na die Nuwe Testament, en geskryf deur honderde —deur—en honderde jare uitmekaar en is geskryf deur verskillende manne. En hulle wat nie die ander geken het nie, in verskillende dele van die land, en nie een woord daarvan sal die ander veroordeel nie. Ek daag enigiemand uit om onder die bloed van Jesus Christus te kom en enige belofte daarin op te eis. God is verplig om daarvoor te sorg. Maar hulle sal dit nie doen nie. Hulle sal kom sê: "O, Here, ek wil iets doen. Gee my 'n groot geskenk. Halleluja, Here. Glorie aan God! Ek glo ek het dit gekry. Halleluja!" Dit sal nooit werk nie. Jy mag 'n klomp sielkunde voortbring, maar dit sal nie werk nie. God moet daardie bekering herken; God moet dit doen. Ons kan baie in daardie lyn sê, maar ek hoop julle verstaan.

60 Kyk! Maar nou sal hulle nie die Woord oor hulle laat heers nie. Ek sê: "Elkeen van julle keer terug; julle is verkeerd gedoop. Julle is gedoop in die Katolieke kerk."

"Wie is jy om dit vir ons te sê?" Dis nie ek nie; dis die Woord. "Wel, ek sê jou, ons glo…" Ek gee nie om wat jy glo nie; dis wat die Bybel sê. "Wel, ons hoef nie daarvolgens te lewe nie." Jy doen dit wel, of jy is onder die oordeel van hierdie Bybel, want: "Wie ook al een woord daaruit sal neem of een daarby sal voeg, dieselfde sal weggeneem word uit die deel van die boek van die lewe"; laat hom prediker, geestelike wees, of wie hy ook al is. Jy moet onder die heerskappy van hierdie Woord kom, want dit is God. Die Bybel sê dis God. "Ons sal dit nie oor ons laat heers nie." Hulle neem hulle geloofsbelydenisse, en denominasies, en hulle nietige klein dingetjies waarin hulle glo en wat deur rade van mense aangeneem is, en neem dit in plaas van God se Woord.

61 Wat het hulle gedoen? Hulle het 'n Barábbas geneem, 'n moordenaar, in plaas van die Seun van God, op die dag van die eerste kruisiging. En vandag neem hulle een of ander man se woord wat 'n leuen is en die weg van die dood, en weier om die weg van die lewe te neem, God se Woord. Ek veroordeel hierdie geslag, kla dit aan in die Woord van die Here, dat hulle verkeerd is. Hulle is skuldig aan kruisiging, of probeer. Kruisig die Gees…

62 Hulle vra vir 'n herlewing oral. Hoe gaan jy 'n herlewing hê wanneer die Woord self nie deur die mense kan werk nie? Ek wil hê iemand moet dit vir my antwoord. Hoe kan dit doen, wanneer jy die einste herlewing self ontken? Wel, die profeet het van hulle gepraat, vorms van godsaligheid. Hulle eie vorms destyds het die Woord van die lewe ontken. Hulle eie vorms ontken vandag die ding wat vir hulle 'n herlewing kan bring, hulle geloofsbelydenisse en vorms. Ja, meneer! Hulle neem die denominasie en hulle geloofsbelydenisse in plaas van die Woord, en dit kruisig Sy Woord en maak Sy Woord tot geen effek vir die mense nie. Wanneer hulle die Woord van God so helder sien in (plaas net homself, dat God die belofte gemaak het Hy sou dit doen, en hier doen Hy dit)—en hulle spot daarmee en kom weg daarvan, dis godslastering. En hulle probeer die Woord self kruisig. Waarom kruisig hulle dit? Hulle kan die Woord nie meer kruisig as wat hulle God kon kruisig nie. Hulle kon die liggaam kruisig wat God vasgehou het, die Seun van God; hulle kon dit kruisig, maar hulle kan God nie kruisig nie. Hy moes daardie tyd wees, as

gevolg van die offer om baie seuns in te bring wat voorbestem was tot die ewige lewe. Hulle moes dit toe doen, maar hulle kan dit nie nou doen nie. Hulle kan dit nie doen nie, want die Woord self sal voortleef. Maar hulle…

63 Wat doen hulle? Hoe vorm hulle? Wat sê jy dan, prediker? Hoe bou jy jou platform hier dat hulle Hom dan kruisig? "Hulle kruisig die uitwerking van die evangelie op die mense deur hulle geloofsbelydenisse. Dis die kruisiging: waar die publiek in hierdie groot lykshuise sit wat kerke, denominasies genoem word, en 'n geloofsbelydenis trek; en die Woord van God kan nie 'n effek op hulle hê nie, want hulle veroordeel die einste dinge wat Christus gesê het sou plaasvind. Dit kom net nie volgens hulle geloofsbelydenis nie, en Jesus het ook nie gekom volgens hulle begrip van Hom wat kom nie. Hy het gekom op die manier wat God Hom gestuur het, en Hy het presies met die Woord gekom. Geen wonder Hy het gesê Hy het dit verberg vir die oë van die wyse en verstandige en dit geopenbaar aan babas wat wou leer nie. Verstaan julle?

64 O, hulle het die uitwerking van die Woord gekruisig.

Ek het 'n klomp skrifte hier. Ek kan net twee of drie van hulle aanhaal. Hulle het gekruisig… Jy sê: "Hoe het hulle die Woord gekruisig?" Toe Jesus gesê het dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir ewig, Hebreërs 13:8, sê hulle: "Op so 'n manier is Hy." Sien? Goed. En soos Jesus gesê het in Sy laaste gebod aan die kerk: "Gaan in die hele wêreld in (Markus 16)—gaan in die hele wêreld in en verkondig die evangelie; hierdie tekens sal hulle volg wat glo…" Die hele wêreld, vir elke skepsel, en dit is nog nie halfpad bereik nie. En daar sterf miljoene elke jaar wat nie eens die Naam van Jesus gehoor het nie. So dis steeds die algemene ordes; dis steeds die gebod van God. "…die hele wêreld en verkondig die evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die gelowiges sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; in nuwe tale sal hulle spreek; as hulle slange opneem of dodelike dinge drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." En hulle sê dit was vir daardie geslag, en hulle maak die opdrag van God tot geen effek hiervoor nie. En hulle kruisig die effek van die Woord aan die mense. Amen!

65 Petrus het gesê op die Pinksterdag (met die sleutels tot die Koninkryk wat Jesus hom pas gegee het: "Wat jy ook al hier sê, ek sal dit daarbo sê." En op die Pinksterdag het hulle gevra wat hulle mag doen om die Heilige Gees te ontvang, as hulle dit so geniet het, dopgehou het in ander, opgetree het wat hulle dom sou noem: steier, spring, val, en maak asof hulle dronk was. En hulle het gesê: "Hierdie manne is vol nuwe wyn."

66 Maar daar was 'n man wat opgestaan het met die naam van Petrus, wat die sleutels tot die Koninkryk gehad het en gesê het: "Hulle is nie dronk (Handelinge 2) soos julle veronderstel nie, siende dat dit die derde uur van die dag is. Maar dit is dit waarvan gespreek is," sien. Net weer terug na die Woord, wys dat die Gees steeds Woord is, en die Woord steeds Gees is, die Woord van God. "En dit sal gebeur (soos gespreek deur die profeet Joël, Joël 2:38), en dit sal gebeur in die laaste dae, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle vlees." Luister na daardie profeet wat daar staan. Kyk na hom, vreesloos, staan daar op daardie klomp en veroordeel hulle, kla hulle aan. Het gesê: "Hierdie is die Skrif. Dit is dit waarvan gespreek is deur die profeet: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en dogters sal profeteer. En op My diensmaagde en diensmeisies sal Ek uitstort van My Gees. En Ek sal tekens toon in die hemele daarbo, en op aarde, vuur, en pilare van rook, en damp.'" Bewys dit deur die Woord dat dit die Woord was, en hulle het gelag, en dit bespot, en hulle het na die oordeel gegaan; en die stad het verbrand, en hulle het mekaar se kinders geëet. En vandag is hulle 'n verstrooide volk regoor die hele wêreld, wat wys die Heilige Gees bly steeds die Woord van God om hierdie Woord te bring om dit te laat lewe.

67 Jesus Christus was die persoon, mens, God. Halleluja! Hy was die manifestasie van God. Hy was God in 'n liggaamsvorm om die Woord van God vir daardie eeu te reflekteer, om daardie eeu God se belofte vir daardie eeu te laat sien. En die Heilige Gees is dieselfde ding vandag; dis die Gees van God op die geskrewe Woord, wat iemand probeer vind om homself na hierdie eeu te reflekteer om te bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd; Johannes 14:12: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen"—Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir ewig, sien. Probeer voortdurend Sy weg vind om Homself te reflekteer.

En hulle kon dit nie doen nie. Die mense het soveel van hulle denominasies gedink, hulle nessies wat hulle gehad het, ensovoorts, het hulle kerke geroep, totdat hulle nie na Hom wou luister nie. So doen hulle dit vandag, selfde ding, kruisig opnuut.

68 Petrus, op die dag van Pinkster het hy gesê: "Julle manne wat in Jerusalem woon, in Judéa, luister na my woorde. Hierdie is nie dronk nie. As julle stilstaan, sal ek julle wys wat dit is." En hy gaan voort en verduidelik aan hulle. Toe hulle harte gebrik was, toe hulle dit gehoor het, gesê het: "Wat kan ons doen om gered te word? Wat kan ons doen om dit te ontvang? Ons is oortuig dat jou woord reg is."

Hy het gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want dit is vir julle en julle kinders, hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here, onse God, sal roep." Dit is wat hulle moet doen: bekeer en word gedoop in die Naam van Jesus Christus.

69 En vandag het die Rooms Katolieke Kerk "Vader, Seun, en Heilige Gees" aangeneem om daardie plek te neem. In plaas daarvan, 'n nagmaal—'n tong uitsteek en 'n oblaat neem, en die priester drink die wyn, en julle is saam een. Die nagmaal, in plaas van die Heilige Gees te wees, genoem "Heilige Eucharistie." En 'n—"Vader, Seun, en Heilige Gees," 'n trinitariese doop, wanneer daar nie eens van in die Bybel gepraat word nie. Die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees is Here Jesus Christus. En wanneer jy dit wys vir hierdie verkeerde geslag, soos Petrus gesê het: "Red jouself van hierdie verkeerde geslag," wanneer jy dit vir hulle wys, wat doen hulle? Maak grap daarvan en sê: "Ons kerk onderrig dit nie so nie." Dan is jy skuldig; jy is skuldig aan die kruisiging van Jesus Christus deur die krag van God weg te neem van die mense. Jy kruisig die einste Woord aan hulle, en jy veroordeel jouself saam met jou gemeente. Dit lei hulle in 'n doodsstrik.

70 Soos ek gesê het van daardie prediker verlede Sondag, was Martin Luther King daaronder saam met daardie kosbare mense, wat hulle reg in 'n doodsstrik gelei het. O, as iemand net met daardie man kon praat! Wens ek kon. Net vir 'n klein opstand van die skoolvoorstel. Sien? Dis 'n groot verskil. Goeiste, as die mense nie genoeg moed het om met 'n man te assosieer as gevolg van sy kleur nie, is hulle veroordeel en dood in elk geval. Die nasie gee hulle reg… Moenie daarteen veg nie. Moenie…

Wat as iemand gesê het al die Iere, of iemand, al die Duitsers, of iemand anders moes disassosieer. Dit sou Christene nooit pla nie; hulle sou net voortbeweeg. En daardie man is 'n Christen. As 'n prediker behoort hy nie daardie mense in 'n opstand daarteen te lei nie. Hulle gaan miljoene laat sterf. Dit sal nog 'n revolusie begin. Dis 'n skande om dit te doen.

71 Dieselfde ding gebeur net hier. Presies weer dieselfde ding. Dis reg, sien. Die mense, hoedat hulle net na die waarheid sou kyk en sien wat die waarheid is… "Ons kerk glo dit nie. Ons het 'n ander manier gekry." Wel, dit is nie die regte manier nie. Dit is nie die ding nie.

Hy het gesê: "Bekeer julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van sondes." Nou, hulle sal dit nie doen nie. O, wat het hulle dan gedoen? Nou, dis net een ding by honderde waarby ons sal kom, miskien, so vinnig as wat ons kan.

72 Nou, die tweede kruisiging dan. As 'n man "Vader, Seun, en Heilige Gees" aanvaar, 'n geloofsbelydenis in plaas van die Woord, titels in plaas van die Naam, wat doen hy aan die mense? Hy kruisig die gevolge van die Woord vir die mense. Wanneer hy sê dat Markus 16 net vir daardie geslag was, en God Homself net daar gesê het, het Jesus met hulle gepraat, gesê: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word. En hierdie tekens sal hulle volg…" Hoe ver? Elke nasie, elke geloofsbelydenis, elke taal, elke ras, elke volk, dieselfde evangelie. "En hierdie tekens sal hulle volg wat glo." En wanneer 'n man dit uit die Bybel probeer uitsny, kruisig hy die gevolge van die evangelie aan daardie gemeente. So, ek kla julle aan in die Naam van Jesus Christus: Julle is skuldig aan moord op die Here!

73 Die kerk het Hom gehaat. Hoekom? Hy was hulle einste God. Hulle het Hom gehaat en Hom verloën om hulle Messias te wees. Nee, meneer, hulle wou nie so 'n Messias soos daardie hê nie. En vandag doen die kerk dieselfde ding; dit ontken die Woord. Hulle wil dit nie hê nie; dis teenstrydig met wat hulle geleer is om te glo deur hulle geloofsbelydenisse. En die Woord is die Messias. Glo julle dit? Wel, die refleksie van die Woord is dan wat? 'n Weerspieëling van 'n Messias, wat die Heilige Gees onder ons is. Hy reflekteer Homself, probeer, waar ook al Hy 'n lamp kan vind waardeur Hy kan kyk, wat nie berook is met geloofsbelydenisse en dinge nie, kan Hy lig deurgee.

74 Julle onthou hulle het opgestaan en hulle lampe geknip en die skoorstene uitgewas, maar dis te laat. So, wanneer 'n man hierdie Lutherane, Presbiteriane, Metodiste sien wat probeer inkom in hierdie laaste dae om die Heilige Gees te ontvang, wel, julle weet hulle kry dit nie. Wel, hulle mag in tale praat en op-en-af spring, maar kyk wat gebeur. Hulle is absoluut… Dis 'n tydteken dat sy verby is. Ons is aan die einde. Amper enige tyd kon die kerk die uitdaging hoor om te "Kom hoog op." Amen! Net presies, net in orde geplaas. Die Heilige Gees hier wat Jesus Christus 'n werklikheid maak deur diegene waardeur Hy kan werk, Homself bewys; kom af, neem Sy foto, wys dit, maak tekens, praat daaroor en alles anders, bewys net presies wat Hy gesê het Hy sou doen. Doen presies die dinge wat Hy gesê het Hy sou doen, Skriftuurlik. Nie een of ander geloofsbelydenis of 'n man se opgewerkte idee nie: 'n klomp bloed, vuur, en rook, en goed; maar 'n Skriftuurlike, Messiaanse bewys.

Het 'n klomp nabootsings, en nabootsers, ensovoorts, maar dit laat die ware Woord net sy beste skyn. Dis reg. Laat ons mense wat geestelik is, wat kan oordeel tussen reg en verkeerd … sien.

75 Ontken Hom. Het hulle Messias verloën. "Ons wou Hom nie hê nie." Dieselfde ding doen hulle vandag.

“Wel, as ek soontoe moes gaan en optree soos daardie klomp, wil ek dit glad nie hê nie.” Goed, dan het jy dit glad nie; dis al, sien. Dieselfde nou.

Hoewel Hy behoorlik geïdentifiseer was, wou hulle Hom nie hê nie. Hulle het Hom gehaat. Hoekom was dit? Hy het hulle pastore 'n klomp slange genoem. Hy het gesê: “Julle klomp gewitte mure, julle is niks anders as 'n begraafplaas nie. Die buitekant van julle is gepoleer met klere en omgedraaide krae, en die binnekant is dooie mensbeendere.” Hy het nie doekies omgedraai nie. Een klein Galiléër, 'n skrynwerker se seun, maar Hy het geen doekies omgedraai nie; Hy het hulle vertel.

“Moenie dink nie…” Johannes het gesê, die voorloper van Hom, het gesê (hy's nog een wat nie doekies omgedraai het nie), hy het gesê: “Moenie hier kom en sê hoe julle Abraham as ons vader gekry het nie. God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek.” Ja, meneer! “Die byl lê teen die wortel van die boom, en elke boom wat nie vrugte dra nie, word afgekap en in die vuur gegooi.” Ja, meneer! God is streng en is ferm en streng met Sy Woord. Ja, meneer!

76 Let op, Jesus, bewys deur die Skrif… Hoor julle my? Jesus is deur God geïdentifiseer deur die Skrifte dat Hy Messias was. Is dit reg? Ons sal by Petrus se aanklag kom binne 'n paar minute, en julle sal uitvind of dit was of nie. Hy was deeglik geïdentifiseer, dat Hy God was, gemanifesteer in 'n Man genaamd die Seun van God. Dis reg. Hoewel Hy behoorlik geïdentifiseer was en die beloofde Woord bevestig het, dat Hy Messias was… Moses het gesê: “Hierdie Messias, wanneer Hy kom, sal Hy 'n profeet wees, en al hierdie dinge sal plaasvind.” Die vroutjie met die—staan by die put en al daardie vuil toestand waarin sy was, wat het dit gesimboliseer? Dat God in hierdie laaste dae uitgeworpenes sou uithaal.

77 Onthou gisteraand, die bruilof—of die ander keer wat ek hier gepreek het by—“Die Bruilofsmaal,” het Hy gesê—hoe Hy gesê het: “Ek het 'n groot fees, ensovoorts, voorberei, en al hierdie manne het ek uitgenooi; en elkeen het 'n verskoning gehad”?

“Ek kan dit nie doen nie, want dit sal ons geloofsbelydenisse ruïneer.” “Ek kan nie kom nie, want ek het 'n—ek het met 'n vrou getrou; sy wil my nie laat kom nie.”

“Ek het met 'n kerk hieronder getrou. My moeder was Metodis, of Baptis, of Katoliek, of—ek kan dit daarom net nie verdra nie.”

Hy het gesê: “En jy sal nie kom nie, en jy sal nie my aandete proe nie, maar gaan uit daar en dwing prostitute, en hoere en dronkaards, en wat ook al daar is. Bring hulle in, en ek sal hulle regruk. Ek het my aandete voorberei, en my gaste—my tafel is gedek; en daar gaan iemand daar wees.” Hulle het nie gekom nie; dit veroordeel daardie Jode. Wat van vandag?

“Ek behoort aan die Presbiteriaanse. Ek kan nie. Ek…”

“Ek is Lutheraan.”

“Ek is 'n eenheid.”

“Ek's 'n tweeheid.”

“Ek's 'n hierdie; ek kan nie… Ek kan nie…”

Daar het julle dit. “Jy sal dan nie daar wees nie!” Dis presies wat Hy gesê het. Goed.

78 Behoorlik bevestigde Messias, het die Woord behoorlik bevestig, die beloofde Woord. Die God wat die Woord belowe het, dat hierdie, wat die Messias sou wees, hier het Hy gekom en presies gestaan; Hy het vir hulle gesê: “Nou, waar het Ek gefaal? As julle My nie as 'n mens kan glo nie, glo die werke wat Ek doen; want dit is die dinge wat sê Wie Ek is. Hulle is diegene wat sê Ek is Messias. Julle wil My nie glo nie, want julle dink dat Josef daar oorkant… En ek is gebore daar in daardie hutjie, en my pleegvader hier is 'n skrynwerker daar. En julle…”

79 Toe Hy in Galiléa ingekom het, daar, en wou maak—het hy gesê: “Haai, wie is hierdie Kêrel? Wie is dit? Wel, hierdie Man, is dit nie—is Joses en hulle almal, Sy broers, nie hier nie? Is Sy susters nie by ons nie? Word Sy moeder nie Maria genoem en Sy pa Josef nie? Waar het jy so 'n Kêrel gekry? Van watter skool het Hy gekom? Hy het geen gemeenskapskaart nie; Hy het nie enige getuigskrifte nie. Waar het 'n Kêrel soos daardie… Waar het jy dit gekry…”, gesê: “in elk geval?” En die Bybel het gesê Hy was beledig. Hy het gesê baie magtige werke kon Hy nie doen nie, en het net Sy rug gedraai en van hulle af weggestap. Hy het gesê: “'n Profeet is nie sonder eer nie, behalwe as hy onder sy eie mense is (sien?), in sy eie distrik (kyk!)—of in sy eie kontrei.”

Daar is Hy, het die Messias behoorlik bevestig. Het geen krediet van Sy eie geneem nie; Hy het gesê: “Ek kan niks doen behalwe wat Ek die Vader sien doen nie.” En Hy het hulle uitgedaag om te vra of dit die Messias was.

80 En kyk na daardie berugte ou vroutjie; sy het dit herken. Sien, sy was nie geïndokumenteer nie. Die lamp… Sy was moreel verkeerd natuurlik, niemand sou dit onderskryf nie. Die wette van God veroordeel dit. Sy was moreel verkeerd, maar sy… Sien, God oordeel jou nie op wat jy is nie. Hy oordeel nie hoe groot jy is of hoe klein jy is nie; Hy oordeel jou hart: wat jy wil wees. En sy wou niks van daardie goed hê nie, dit was net voor haar geflits; dis wat sy wou hê. Maak nie saak wat sy toe was nie, sy was gereed om te kom. God oordeel die hart. Die mens beoordeel die uiterlike voorkoms. God kyk na die hart. Maak nie saak wat sy was nie, daardie lig het geflits en dit het dit afgehandel. Sy het die wese van die ewige lewe aangegryp.

81 O, goeiste, hoe ryk is dit vir my (sien?) om te sien en te weet dat dit die waarheid is. Ek sal hierby staan. Die God van die hemel sal opstaan, en my stem sal op die magnetiese band wees van God se groot tyd daar. En dit sal hierdie geslag veroordeel in die laaste dag… [Leë kol op band.]… Hy het geïdentifiseer dat Hy steeds Jesus Christus is, dieselfde gister, vandag, en vir ewig. Ek kla hulle aan deur die Woord van God.

Ek moet vinnig by 'n ander belofte kom, want ons het net omtrent vyftien minute.

82 Daar het hulle… Daar het hulle… Wat? O, goeiste! Gólgota. Hulle het Hom gekruisig. Derdens: Hulle het Hom gekruisig deur nie God se beloofde Woord wat gemanifesteer is, te erken nie. En waarom het hulle daardie Man gekruisig? Kan julle julle net voorstel? Laat my 'n oomblik teruggaan. Waarom sou daardie mense so 'n Man kruisig?

Soos Maria… Soos ek eenkeer 'n boek gelees het genaamd 'n Prins van die Huis van Dawid… Dit is geskryf deur Ingraham, Dr Ingraham. Wonderlike boek, dis 'n drama. Veronderstel om gedeeltelik waar te wees van sommige ou manuskripte wat van 'n vrou genaamd Adena afgehaal is. By haar… Sy het oorgegaan na Palestina van onder in Egipte, na Kaïro, glo ek was dit, om haar geleerdheid te voltooi. En sy was daar gedurende die tyd van Christus. En sy was veronderstel om terug te skryf aan haar vader. Dit sou goed wees as jy dit sou optel en dit lees; dis regtig goed: "Prins van die Huis van Dawid." Dieselfde man wat "Vuurkolom" geskryf het… En daaruit het Cecil De Mille "Die Tien Gebooie" geneem.

83 Nou, ons vind dat in hierdie boek, het hierdie Adena teruggeskryf. En sy het gesê op die dag van die kruisiging dat Maria Magdalena, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het, voor die skare uitgehardloop en gesê het: "Wat het Hy gedoen? Wat het Hy gedoen? Het net die siekes genees en probeer om diegene wat in tronke was, te verlos. Wat het Hy gedoen behalwe goed? Iemand sê dit!"

En 'n man het haar reg oor die werf geklap, amper, en gesê: "Sal julle daardie lawwe vrou glo voor julle priester?"

Daar het julle dit, sien. Wat het Hy gedoen? Hy het niks gedoen nie. Waarom het hulle Hom gekruisig? Hoekom? Omdat hulle nie herken het Wie Hy was nie. En dis dieselfde ding vandag. Die predikers, en mense van hierdie dae, en ons moderne leraars het die mense so geïndoktrineer om te glo dat dit toordery is, of die duiwel, of 'n geestelike telepatie, of een of ander bedrogspul, of 'n soort van 'n truuk, sodat die mense nie sal besef dat dit die bevestiging van God se Woord vir hierdie dag is nie. Dis die laaste dagteken.

84 Die kerke, as jy nie aan hulle organisasie behoort nie, sal hulle sê: "Ag, wel, dis 'n bietji opmaak. Dis 'n bedrogspul. Wel, kyk hieronder na *So-en-so* en *So-en-so*." Maar laat hulle eenkeer bewys die ware ding is 'n bedrogspul. Laat hulle eenkeer bewys dat dit verkeerd is. Hulle kan dit nie doen nie. Dit was nooit bekend om verkeerd te wees nie, en dit sal nooit wees nie, want dis God. Sien? Maar hulle hou daarvan om te wys; hulle dink: "O, wel, as dit 'n man was met 'n groot naam…" Want dis 'n klein groepie, 'n klein klompie wat soort van uitgeworpe is: "Wel, ons het daardie persoon uit ons kerk gesit, sien. Hulle het altyd na ons groep toe gekom, sien, maar hulle het oorgegaan hiermee, en hulle het daarmee oorgegaan; en nou, julle sien, hulle eindig op… Wel, kyk wat dit is, wie dit is." Ek gee nie om nie. Hulle kon dieselfde ding van Petrus, Jakobus en Johannes gesê het. "'n Onkundige en ongeleerde man," het hulle gesê. Maar hulle moes oplet; iets het gebeur sedert daardie tyd. Hulle was by Jesus. Dis wat die verskil gemaak het, sien.

85 Hulle het dit gedoen, omdat hulle nie geweet het Wie Hy was nie. Hulle het nie geweet dat die bevestiging van God se Woord nie daarbo gestaan het in daardie dag nie… Nou, dit was op een dag, en dit was reg. Dit was op een dag net om daardie wette en dinge te onderhou. Maar dieselfde wette wat—hulle moes hulle onderhou, het hulle gewys na 'n tyd toe Hy sou kom en hierdie Man wees wat Hy veronderstel was om te wees. Hulle het hierdie deel gehad, maar het nie die ander deel geneem nie.

En dis dieselfde ding wat hulle nou doen. Hulle het 'n kerk en hulle glo in Jesus Christus, en sê hulle doen, en dinge, maar ontken die uur waarin ons lewe! Bring steeds die ou spreekwoord weer terug: Mens wat God altyd prys vir wat Hy gedoen het, uitsien na wat Hy sou doen, en—of sal doen, en ignoreer wat Hy doen, en daardeur veroordeel word. Hulle dink God is wonderlik: Hoe groot Hy is; wat Hy gaan doen; Hy gaan kom; en daar sal eendag 'n wegraping wees en gaan huis toe; en ontken die einste tekens en

wonders net hier op die tyd dat die Skrif sê dat Hy dit sal doen, die hele ding mis. "As die blindes die blindes lei," het Jesus gesê: "sal hulle almal in die sloot val." Bid net dat God ons oë sal oopmaak in hierdie laaste dae. Goed.

86 Nou dieselfde, hulle doen dieselfde vandag; hulle ontken en kruisig dieselfde God vandag deur Hom nie te ken nie. Dieselfde deur Hom te verloën en te doen… Deur die dinge te ontken wat hulle vandag doen, kruisig hulle Christus nie presies weer nie, maar hulle laster die Heilige Gees. En deur dit te doen is hulle… Hoe laster hulle die Heilige Gees? Hoe het hulle dit destyds gelaster? Wel, hulle kon dit toe nie laster nie; dit het nog nie gekom nie. Hulle het Jesus "Beëlsebul" genoem, en Hom "Beëlsebul" genoem, omdat Hy die geheime van hulle harte en dinge kon ken. Hulle het gesê: "Hierdie is 'n duiwel." Met ander woorde: "Hy's 'n fortuinverteller. Dis hoe Hy dit doen, is deur fortuinvertellery. Hy is niks anders as 'n duiwel nie." Sien, hulle het nie 'n profeet in vierhonderd jaar gehad nie, en hulle het daaruit gegroei, sien. Hulle het net hulle wette gehad. Hulle het gesê: "Hierdie is Beëlsebul."

87 En Jesus het gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe, maar wanneer die Heilige Gees kom, nou, en julle spreek 'n woord daarteen, sal dit julle nooit vergewe word nie." Onthou, dit sal en kan nie, op geen manier, geen genade nie… Wanneer jy laster en die Gees van God noem, die Woord van God, wat deur die Gees bevestig is (sien, die Woord sê so; die Gees het Dit bevestig), en jy noem dit 'n onrein ding, het jy die lyn tussen genade en oordeel oorgesteek en kan nooit daarvoor vergewe word nie. Dis waarom ek hierdie geslag skuldig maak aan die kruisiging, lastering teen die gemanifesteerde Seun van God, soos belowe is deur al die profete, en Christus Self om in die laaste dae te wees, soos dit was in die dae van Noag en die dae van Sodom.

Godslastering, waarmee hulle die Seun van God opnuut kruisig vir die mense. Hy is die bevestigde Woord. Een woord daarteen kan nooit vergewe word nie. Nou, wat gaan julle dan doen? Waar gaan jy staan? Hulle is veroordeel, wag net op die uur van God se toorn om uitgestort te word. Hy sal hulle verkrummel.

88 Hou van doktrine van mensgemaakte denominasies en dogmas meer as wat hulle die bevestigde Woord van God doen, hierdie geslag van mense! O! Ek wens net ek het 'n lang tyd hiervoor gehad. Hierdie geslag van mense: "hierdie geslag verwerp God se openbaring, maar ons wandel waar die apostels getrap het." Dis reg. God…

Jy sê: "Wel, ander sê dit ook." God bevestig dit.

Jesus het gesê: "As die werke nie van My praat nie, gaan dan net voort en sê Ek sê dit self. Maar die werke spreek, julle moet liewer die werke glo (sien?), want dis die uur." Gesê: "Julle weet môre gaan die son skyn of dit gaan slegte weer wees deur die lug se rooi en afkom; môre sal dit mooiweer wees." Het gesê: "Julle kan die aangesig van die lug onderskei, maar die tekens van die tyd weet julle niks van nie. As julle God sou geken het, sou julle My dag geken het."

En hulle het gesê: "Jy neem soveel op Jouself, Jy maak Jouself God." En hulle het Hom op die kruis gesit.

89 En die Heilige Gees vandag is nie 'n derde persoon nie; dis God Self, gemanifesteer in menslike vlees deur die bloed van Jesus Christus om 'n lewe te heilig waardeur Hy Homself kan reflekteer. En hulle kruisig daardie selfde Woord wat gemanifesteer is. Verstaan julle? Die kruisiging van Christus vandag is die mense wat die bevestigde en gemanifesteerde Seun van God onder die mense sal ontken deur Sy dinge wat Hy gesê het sou plaasvind in hierdie dag deur Sy Woord, sien.

Nou, dieselfde bevestiging sou dieselfde moes wees as Hy dieselfde Seun van God is, want Hy het nou in Johannes 14:12 gesê, dat: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hebreërs 13:8: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir ewig." "As julle in My bly ... (Johannes 15) As julle in My bly en My woorde in julle, vra net wat julle wil, en dit sal vir julle gegee word." Ja, meneer!

90 Onthou, hulle was baie godsdienstige mense wat dit gedoen het. Hulle was nie buitestaanders nie. Hulle was die godsdienstige mense van daardie dag. En dis wat dit vandag doen, is die godsdienstige mense. Dieselfde kruisiging, dieselfde ding vandag.

Vinnig. Daar het hulle Hom dan gekruisig? Sekerlik. Toe het hulle God se gemanifesteerde Woord verwerp, hulle geloofsbelydenisse aanvaar in plaas van die Woord. Is dit wat hulle vandag doen? Dis presies, doen dieselfde vandag. Hy was die Woord, en hulle het die Woord verwerp. Dis een punt wat ek wil hê julle nie moet mis nie, ek wil hê julle moet nie mis nie. Hy was die Woord, en toe hulle Hom verwerp het, het hulle die Woord verwerp. En toe hulle Hom wel verwerp het, het hulle Hom uiteindelik gekruisig. En dis wat hulle vandag gedoen het: verwerp die Woord van God en aanvaar hulle geloofsbelydenisse, en het in die openbaar, voor hulle gemeente, die werking van die Heilige Gees gekruisig. En hulle is skuldig, en ek kla hulle aan in die Naam van Jesus Christus.

91 Vyftien jaar het ek Hom oor die land sien beweeg, en steeds hou hulle hulle geloofsbelydenisse. Hulle

is skuldig! Hulle het die Woord geneem wat die kerk sou gebring het—al die kerke bymekaar en het 'n yslike groot verenigde broederskap gemaak onder Pinksters en al die res van hulle… In plaas daarvan om dit te doen, het hulle dit verwerp, en dit weggewys, het pret daarvan gemaak, en dit nou alles genoem; en nou, deur 'n kerkfederasie, deur die duiwel se plan, probeer inkom en sê: "Nou sal ons 'n bietjie olie kom koop." Hulle word verwerp en hulle is skuldig aan die kruisiging van Jesus Christus. Jy neem dit op God se terme of… Jou terme sal nie werk nie, sien.

92 Hulle het God se gemanifesteerde Woord verwerp, vir hulle geloofsbelydenisse, en hulle doen dieselfde vandag. Hy was die Woord, Johannes 1. Hebreërs 13:8 sê Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

Nou, hulle kruisig Hom opnuut. Weet julle die Bybel het gesê ons kan dit doen? Hoeveel wil net 'n bietjie lees? Sal julle my nog vyftien minute daarvan gee? Goed. Laat ons nou net 'n oomblik omblaai… Opnuut gekruisig. Laat ons oorgaan na Hebreërs die 6de hoofstuk en net 'n bietjie lees, Hebreërs die 6de, en kyk of ons die Seun van God opnuut kruisig. Kyk of dit gedoen kan word. Jy sê: "Jy kan Hom nie 'n tweede keer kruisig nie." Ons sal uitvind of ons kan of nie. God se Woord is waar. Is dit reg? Hebreërs 6:1:

*Laat ons dan die beginsels van die leer van Christus verlaat, laat ons voortgaan na volmaaktheid; nie tot die fondament van bekering en dooie werke en geloof in God nie,*

*En van die leer van die doop, … handoplegging en van die opstanding van die dode en die ewige oordeel.*

*... dit sal ons doen, as God dit toelaat.*

93 Sien? Paulus wil weet dat hierdie dinge hier absoluut noodsaaklik is: doop, oplegging van hande, opstanding, tweede koms. Al hierdie dinge is ewig; hulle is absoluut die waarheid. Nou let op!

Want dit is onmoontlik ...

Lees dit saam met my—net een vers. Ek wil hê julle moet dit nou saam met my lees, die 4de vers:

*Want dit is onmoontlik vir die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak het en die Heilige Gees deelagtig geword het,*

*En die goeie woord van God gesmaak het en die krag van die toekomstige wêreld,*

*As hulle afvallig word om hulle weer tot bekering te vernuwe, siende dat hulle vir hulleself die Seun van God opnuut kruisig en Hom tot 'n skande maak.*

Nou, is dit my woord van Hom? 'n Man wat tot 'n kennis kom… Onthou, hulle het dit nooit gekry nie; hulle was grenslyn gelowiges. Nadat ons die kennis van die Woord van God ontvang het (jy kry dit uit 'n kennis, deur dit te lees—dit te sien), en dit dan verwerp, dan is jy—dis onmoontlik vir jou om ooit gered te word! Het julle dit nou gelees? Sien? Het 'n kennis van die waarheid ontvang… Jy verstaan dit net, jy het dit nooit gekry nie.

94 Dis soos daardie gelowiges wat uitgegaan het… Dis 'n einste tipe van die reis. Hierdie derde eksodus is net 'n tipe van die res van hulle.

Kyk! Kyk terug daar. Laat ek julle nou net 'n oomblik iets wys. Verskoon die uitdrukking. Kyk! Israel het twaalf manne uitgetrek, een uit elke stam, denominasionele hoof, en hulle oorgeneem na die rand van die grens, die beloofde land, en hulle die goeie dinge gewys om te kom, wat hulle gehad het. En hulle het teruggekom en gekla dat: "Ons was nie in staat om dit te doen nie." Maar daar was twee uit die twaalf; Josua en Kaleb het gesê (hulle het na die Woord gekyk): "God het gesê dis ons s'n, en ons is meer as in staat om dit te neem." Is dit reg?

95 Wat was dit? Grenslyn gelowiges, sien. Hulle is werklik in die kerk gebore. Hulle was hoofde van die mense; hulle was as't ware biskoppe. Dit het geloop tot daar waar die Woord van God getoon is om die waarheid te wees. Daar is die land; hulle was nog nooit daar nie. Hulle het nie geweet dit was daar nie. Maar hulle het afgekom om te sien dit was daar. Daar was dit. En Kaleb en Josua het daarheen gegaan en 'n klomp druiwe teruggebring en hulle daarvan laat eet; en hulle het die goeie land gesmaak en toe teruggegaan en gesê: "Ons kan dit nie doen nie [sien]. Ons kan dit net nie doen nie."

Hier is dieselfde groep in die tyd van Jesus Christus: "Rabbi, ons weet U is 'n leraar wat van God kom." Sien? Grenslyn. "Ons weet U is 'n leraar wat van God af kom. Geen mens kan die dinge doen wat U doen nie. Ons erken dat God daar moet wees." Hoekom het hulle dit nie aanvaar nie? Hoekom het hulle dit nie geneem nie? Grenslyn, grenslyn.

96 Hier is hulle op hierdie derde exodus: dieselfde teken, dieselfde manifestasie, dieselfde Christus,

dieselfde Heilige Gees, dieselfde werke, dieselfde God, dieselfde boodskap, en hulle kan dit nie neem nie. Hulle sou hulle gemeenskapskaart moes opgee. Wat is dit? Hulle het 'n kennis van die waarheid gehad. Hulle het gekyk en gesien dat dit absoluut die waarheid is. Hulle kan dit nie ontken nie. Die tydskrifte moet getuig hulle het dit gesien. Die prente, die koerante, die getuienis, die opstanding van die dooies, die dokters se verklarings van die siekes: hulle moet sê dis Hy. En die voorspellings, nie een van hulle wat ooit deur die jare gefaal het nie, elkeen van hulle net presies in die kol, hulle kan nie sê behalwe dat dit God is nie. Maar hulle kan dit nie aanvaar nie.

97 Daardie klomp predikers in Chicago, driehonderd en iets van hulle sou afkom en gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Waar is hulle! Die prys is te groot. Hulle kan dit nie doen nie. Wat is dit? Die Bybel het gesê wanneer hulle dit doen… Wat doen hulle? Hulle skei hulleself tussen barmhartigheid en oordeel: "Want dit is onmoontlik vir diegene wat eenmaal verlig is (is gebring om daarna te kyk), en 'n kennis van die waarheid gehad het, en die goeie Woord van God gesmaak het; as hulle daarvan terugkom, waar hulle hulleself weer moet vernuwe, sê: "Wel nou, ek sal! Ja!"

98 Julle Presbiteriane, julle Metodiste, en Baptiste, en Lutherane, en hierdie Volle Evangelie Sakemanne se goed, sê hulle kom in, het die boodskap weggewys. Jou kerk sal… daar sal individue daarin wees, sekerlik, maar nie die kerk nie. Jy moet uit die kerk uitkom om dit te kry, sien. Dis reg. Individue is goed.

Maar wanneer julle dink die Presbiteriaanse kerk gaan die Heilige Gees ontvang, en almal van hulle neem hulle dokumente af, en...? Julle moet dit nooit dink nie! En dink julle julle Metodiste gaan dit doen? Julle sal dit nooit doen nie. Dink julle julle Trinitariërs sal ooit die Naam van Jesus Christus ontvang en elkeen van julle gedoop word in…? Julle sal dit nooit doen nie; julle sal dit nooit doen nie. Maar individue sal uitkom en dit doen. Dis reg. En dis die teken van Sy koms! Maar daardie kerke wat die waarheid gesien het en dit verwerp het in hulle rade, dis onmoontlik…

99 Dan is hulle skuldig aan die kruisiging van Jesus Christus. En ek kla hulle aan deur die Woord van God, dat God het…

"Hoe kla jy hulle aan, Broer Branham?" Ek kla hulle aan, dat God Homself duidelik geïdentifiseer het in Sy Woord in die laaste dae, en Homself laat weet het dat Hy steeds dieselfde is gister, vandag, en vir ewig; en hulle het dit koud weggewys. En julle is skuldig aan die kruisiging van Jesus Christus, deur die Heilige Gees te laster. Dis reg.

Ons neem julle voort na Hebreërs 10. Weer, waar dit ons weer vertel in die Skrifte, nie net onmoontlik nie, maar jy kan nooit... Dit skei jou van God vir ewig. Jy kan nooit weer in die teenwoordigheid van God kom wanneer jy die Heilige Gees wegwys en dit bespot nie.

Nou, sien? Julle het die Woord geproe, sien. Grenslyn gelowiges. "O," sê julle: "daardie kêrels was nie gelowiges nie." Hulle was gelowiges of belydende gelowiges, maar toe dit by die Woord kom… Hulle was Israel; hulle het uitgekom onder die bloed. Hulle het uitgekom onder die tekens van Moses; hulle het daardie tekens sien werk.

God het gesê: "Ek sal julle daar na oorkant neem."

En toe dit reg gekom het by die beginsel van die beloofde Woord wat sou kom, wat het hulle gesê? "O, ons kan dit nie doen nie," sien. En hier kom hulle terug met druiwe en alles om te bewys die land is reg. God se Woord is reg.

God het gesê: "Ek sal dit vir julle gee"—maar die omstandighede!

"Goeiste," gesê: "ons lyk soos sprinkane teen hulle. Ons kan dit nie doen nie." Maak nie saak wat ...

100 'n Paar jaar gelede toe hierdie ou dop hier gestaan het as 'n tabernakel, het iemand ingekom, daar uitgestap, en met my gepraat en gesê: "Billy, jy gaan preek vir vier pilare een van hierdie dae met boodskappe soos daardie."

Ek het gesê, "Ek sal vir vier pilare preek, want God is in staat om van daardie pilare kinders vir Abraham op te wek." Dis dit; dis die waarheid. Ek het gesê: "As jy iets het wat jy daarteen kan bewys, laat ons dit kry." Dis een ding om te kraai, maar wanneer dit kom by 'n plek om dit te wys, dis anders. Ja! Dis wat die verskil maak. Goed.

Ja, met hulle geloofsbelydenisse kruisig hulle Hom opnuut. Nou, Hebreërs die 6de hoofstuk, en ons gaan verder af. Ons kan net verder lees, af, hier onder af. Ons het baie tyd. Ek het hier 'n skrif uitgemerk, waar dit onmoontlik sal wees (Hebreërs die 6de hoofstuk, net—ek reken, neem dit alles) vir diegene wat eenmaal verlig was, die Heilige Gees deelagtig geword het… Ons het nie tyd om te ver te gaan nie, want ek het nog 'n Skrif wat ek wil hê julle moet lees binne 'n oomblik.

Let op dit! Hulle kruisig vir hulleself die Seun van God opnuut. Wat het hulle gedoen? Wat? Deur dit te smaak en te weet dat dit die waarheid is, en dan om te draai en dit te ontken. Wat doen hulle? Dis

onmoontlik…

101 So, dis wat hierdie nasie gedoen het. Dis wat hierdie mense gedoen het. Dis wat hierdie kerke gedoen het. Hulle het dit weggewys, en hulle het die boodskap gekruisig. Hulle het die waarheid vir die mense gekruisig. Hoe het hulle met Jesus gedoen? Hulle het Hom beskaam, Sy klere van Hom afgestroop, Hom opgehang aan 'n kruis, en Hom daar vasgespyker, die Prins van die lewe. Dieselfde ding wat hulle vandag gedoen het met hulle geloofsbelydenisse. Hulle het dieselfde ding gedoen. Hulle het die dinge gestroop; hulle het die goedheid, en die klere van die evangelie gestroop deur dit êrens anders te probeer plaas, en Hom aan 'n kruis gehang. O, goeiste! Hoekom?

102 Daar het hulle gekruisig… Nou, die laaste aanhaling: Hy, Hy, hierdie kosbaarste Persoon. Hoekom het hulle dit gedoen? Hulle het Hom nie geken nie. Waarom doen hulle dit vandag? Hulle weet nie dit is die waarheid nie. Hulle is stom en blind daarvoor. Hulle weet dit nie; dis die rede. Hulle geloofsbelydenisse en tradisies het hulle weggekry van die Woord van God.

Nou, aan julle hier, net ter afsluiting nou, let goed op. Sien? Ek weet dis warm; ek kry ook warm. Maar, o, broer, hierdie Woord, dis lewe as jy daaraan vashou. Kyk! Dis nie iets waaroor ons praat wat hierna mag gebeur nie. Dis iets wat alreeds hier by ons is en nou gebeur, nie iets wat sal wees, iets wat alreeds is nie. Ons getuig nie: "Ons weet wat Hy gedoen het; ons weet wat Hy gaan doen," maar nou, ons vertel wat Hy doen. Sien? Hierdie is ons uur. Ons mag nie lewe om die wegraping te sien nie. Ek mag vandag sterf; jy mag vandag sterf. Ek weet nie. Maar die wegraping kom; dis… Wanneer dit kom, sal ons daar wees; moenie bekommerd wees nie, so sal al die res van hulle terug deur die eeue heen wat dit geglo het, en daarna gesoek het. Hulle het gewandel in die lig van hulle dag, en hier is die lig: Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir ewig. Verlaat julle geloofsbelydenisse en glo hierdie Woord. Dit is die waarheid; die Woord is waarheid. Jesus het gesê: "My Woord is Gees, My Woord is lewe." Hoe gaan jy lewe ontvang wanneer jy lewe verwerp? Hoe gaan jy 'n dogma inneem, wat die dood is, en 'n Woord van lewe? Draai weg van die Woord van lewe om die dood te neem? Hoe gaan jy die twee op dieselfde tyd aanvaar? Jy kan dit nie doen nie. Laat elke mens se woord 'n leuen wees, elke dogma 'n leuen; God se Woord is die waarheid.

103 Ek daag enige man uit om vir my enigiemand te wys (en ek weet hierdie band gaan om die wêreld), enige man, enige biskop, wat na my studeerkamer of voor hierdie gemeente sal kom en hulle vinger wys na een plek waar iemand ooit gedoop is in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees in die Nuwe Testament. Ek sal julle wys waar elke persoon wat ooit gedoop is, en diegene wat anders gedoop was, moes kom en herdoop word om die Heilige Gees te kry. Wat gaan julle daaromtrent doen? Bly daar in julle geloofsbelydenisse? Bly daarbuite in julle dogmas en sterf! Julle is skuldig, bose hande, julle het die Prins van die lewe geneem, die Woord van die lewe, en dit vir die mense gekruisig.

104 Nou, wat het hulle gedoen? Hulle het dit nie geweet nie. Vandag loop mense onkundig; hulle weet nie dis die waarheid nie. Hulle dink dis een of ander soort isme. Hulle grawe nie diep genoeg om in die gees van openbaring te kom nie. Hulle bid nie genoeg nie; hulle roep nie genoeg na God nie. Hulle neem dit net liggies op: "O, wel, ek glo daar's God. Sekerlik!" Die duiwel glo dieselfde ding. Die duiwel glo dit meer as wat sommige mense aanspraak maak om te glo; die duiwel glo dit en sidder. Mense glo dit net en gaan aan, maar die duiwel sidder in die wete dat sy oordeel kom. En mense glo dit en gee geen aandag aan die oordeel wat kom nie.

Skuldig deur Hom te kruisig. Sekerlik! Ek kla hierdie geslag aan, vind hulle skuldig deur dieselfde Woord wat hulle skuldig bevind het aan die begin. Dis reg. Jesus het gesê: "Wie kan My veroordeel?" Hy was die Woord wat vlees geword het. En vandag word dieselfde Woord vlees gemaak.

105 Petrus het gesê in sy aanklag in Handelinge… Laat ons dit net lees. Petrus, toe hy dit sien plaasvind het, wat hulle gedoen het, die Gees… Kyk, Petrus het Christus verdedig, wat hulle gedoen het. Ek verdedig wat die evangelies is. Petrus het hulle aangekla omdat hulle die man doodgemaak het, Christus, wat die Woord was. Ek kla hierdie geslag aan om die Woord te probeer doodmaak wat in die mens gemanifesteer word. Kyk wat Petrus gesê het. Sy regverdige verontwaardiging moes baie hoog opgestaan het. Luister na hom hier in Handelinge die 2de hoofstuk en begin met die 22ste vers:

Julle manne van Israel, hoor hierdie woorde; Jesus, die Nasaréner, ... 'n Man wat deur God bewys is onder julle deur wonders en tekens, wat God deur Hom gedoen het onder julle—soos julle ook self weet.

Sjoe! Stel jou voor hoe hulle gevoel het! Luister daarna.

Julle manne van Israel ... Die vors, julle kerkmanne, julle heilige manne, julle priesters, julle manne wat veronderstel is om manne van God te wees, hoor hierdie woorde: Jesus van Násaret is deur God onder julle goedgekeur.

106 Nou, ek sê vir julle geestelikes en vir julle mense, Jesus van Násaret, die Heilige Gees, Hy is hier in die persoon van die Heilige Gees, wat die lewe was wat in Hom was. Hy werk hier deur mense en

verklaar Homself deur tekens en wonders wat Hy doen. En hier hang hulle rond teen die mure, wetenskaplike identifikasie. En mense wat hier sit wat dood was, lewe vandag; en deur kanker geëet, is gesond vandag. Blindes sien vandag, en kreupeles wat vandag loop! Hy is Jesus van Násaret.

Hy, deur die beslissende raad en die voorkennis van God [voorbestem vir Sy werk], het julle geneem, en deur bose hande het julle ... doodgemaak:

107 Is dit aanklag? Hy kla wat aan? Daardie Sanhedrin raad. En ek kla vanmôre die federasie van kerke aan; ek kla die Pinksters aan; ek kla die Presbiteriane, die Baptiste, en elke denominasie in die wêreld aan. Deur bose, selfsugtige hebsug het julle die Woord van die lewe geneem en dit voor die mense gekruisig, en dit gelaster, en dit fanatisme genoem, wat God in ons midde opgerig het om te bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir ewig. Ek kla hierdie geslag aan!

108 God het Homself lewend bewys. God het bewys dat dit Sy Woord is. Wat het julle behalwe 'n klomp dogmas en geloofsbelydenisse? Waar kan julle die lewende God wys? Omdat julle die Woord van die lewe weggewys het wat julle hierdie dinge sou gee. Ja, meneer! O, watter uur waarin ons nou lewe. Sjoe! Dieselfde…

O, ek roep… Petrus het gesê: "Julle het met bose hande gevat en gekruisig en doodgemaak":

Wie God ... opgewek het, nadat Hy die smarte van die dood losgemaak het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou word.

En deur julle geloofsbelydenisse, en julle organisasies, en julle denominasies met julle vorm van godsaligheid, julle vorms van godsaligheid, het julle die krag van Sy opstanding ontken. Maar die uur het aangebreek; die laaste dae is hier, wanneer God belowe het volgens Maleági 4 dat Hy sou opstaan in die laaste dae en die harte van die mense sou terugdraai na die oorspronklike seëninge en die Pinkster geloof van die vaders. En julle kan dit nie ontken nie, en julle kan dit nie teenstaan nie. En nou, ek veroordeel julle, skuldig, en daag julle uit, en kla julle aan voor God, dat julle met bose, selfsugtige, denominasionele hande julle die Woord van God voor die mense gekruisig het. En ek noem julle skuldig en gereed vir die oordeel. Amen. Ja, meneer!

Ek noem dieselfde ding wat Petrus gedoen het. Hy het bekering van daardie geslag geroep. Ek roep bekering na hierdie geslag, bekering tot God, en kom terug na die oorspronklike waarheid van die Woord. Kom terug na die geloof van ons vaders. Kom terug na die Heilige Gees, want God kan dit nie verander nie. Toe God gesê het: "Vir hulle wat glo, sal hierdie tekens volg," moet Hy daarby bly tot in alle ewigheid; dis Sy Woord.

109 Wanneer julle sê: "Skud hande," of "Neem nagmaal," of iets soos dit, of iets op daardie geloofsbelydenis, of iets op daardie idee: dat enige man, enige dronkaard, enige ongelowige dit kan doen, enige nabootser, enige prostituut kan dit doen: nagmaal neem, vorms hê, en sulke dinge; jy kan dit doen. Maar Jesus het gesê dit sal die identifikasie wees: "Hierdie tekens sal (nie miskien nie, hulle sal) … in alle geslagte vir hulle wat glo: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal met ander tale praat, met nuwe tale praat; en slange opneem; dodelike dinge drink, dit sal nie kwaad doen nie; lê hulle hande op die siekes, hulle sal gesond word. Genees die siekes; wek die dooies op; dryf duiwels uit; so vrylik as wat jy ontvang, gee vrylik."

Al hierdie groot geldmaakskemas en dinge het vandag in die dinge ingeskakel; geen wonder hulle is so vol van die oordeel nie. Ja, meneer! O, goeiste!

110 Laat ons nou sien. Ja, meneer! Roep tot bekering. En my aanklag nou… Hierdie nuwe Gólgota is die kerk, sogenaamde heiligste plekke, groot preekstoele, Katolisisme die altaar, Katolieke altaar, wat hulle preekstoel genoem word. Die Metodis, die Baptis, die Presbiteriaan, die Lutheraan, die Pinksters, die heiligste plekke, daar ontvang Hy Sy hardste deurborings—'n nuwe Gólgota. Waar word dit gevind? In die heilige plekke, die kerk. Waar is Hy gekruisig? Van die pastore. Julle skynheiliges, julle weet beter as dit! Ek is nie kwaad nie, maar iets binne-in my roer. God is deeglik geïdentifiseer onder julle.

Waar het Hy hierdie spiese in Sy sy gekry? Waar het Hy Sy deurborings gekry? Op Gólgota. Waar kry Hy dit vandag? In die preekstoel. Waar het dit vandaan gekom? Jerusalem. Waar het dit vandaan gekom? Die denominasie, diegene wat daarop aanspraak maak om Hom lief te hê, dis wie dit gedoen het. Dis wie dit vandag doen. Sy tweede Gólgota, waar Hy Sy deurborings ontvang teen die Woord… Dis wat Hom deurboor. Wie is Hy? Hy is die Woord. Hy is die Woord. Waarvandaan word Hy die hardste gesteek? Die preekstoel in die heilige plekke, net soos dit toe was.

111 Ek het 'n reg om hierdie geslag aan te kla. Ek het 'n reg om dit te doen as 'n prediker van die evangelie van Jesus Christus met Sy tekens en bewys dat Hy God is. Ek het die reg om aanklag te bring teen hierdie geslag, want Sy hardste spiespunte was reg van die preekstoel af, waar hulle gekritiseer het en gesê het: "Moenie uitgaan om daardie goed te hoor nie. Dis van die duiwel." Reg in die plek wat veronderstel is om Hom lief te hê.

En die einste tekens wat Jesus gesê het sou plaasvind… Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard (die Woord), 'n onderskeier van die gedagtes van die oorlegginge van die hart; en dit word die duiwel genoem. Waarvandaan? Die preekstoele, die heilige plekke. O, God, hoe kan Hy afkyk? Net genade, dis al, genade. Ons kan niks anders doen as om weg te gaan na oordeel nie. Ons is alreeds daar.

112 Dink daaraan. Sy hardste deurboring kom van die preekstoel af. Dis waar Sy nuwe Gólgota is. Hulle kruisig Hom, die Woord, by die preekstoel. Dis reg. Hoe? Hoe doen hulle dit? Deur hulle vorms van godsaligheid. Dis presies!

Bekroon, uit die gehoor, die spotters; Hy het 'n nuwe kroon van dorings. Spotters, deurboor van die preekstoel af, gekroon deur die spotters. Is Hy weer opnuut gekruisig? Geslaan deur mensgemaakte geloofsbelydenisse, leraars van denominasie teen Sy Woord. Hulle slaan dit, veroordeel dit in skande.

Jesus het gesê: "Tevergeefs aanbid hulle My." Tevergeefs. Doen geen goed nie. Wie aanbid hulle? Hulle aanbid daardie selfde God. Hulle het daardie selfde God aanbid by Sy eerste kruisiging, en dit was ydele aanbidding. Dis dieselfde ding vandag. Tevergeefs bou hulle hierdie denominasies. Tevergeefs bou hulle hierdie kweekskole. Tevergeefs het hulle hierdie geloofsbelydenisse, onderrig as leerstelling die gebooie van mense en ontken die Woord van God. Hulle is skuldig aan die kruisiging van die Prins van die lewe, die onderrig van mense se leerstellings vir Sy Woord. "Tevergeefs aanbid hulle My"—geslaan, deurboor, gekroon.

113 Wanneer jy dit in die straat sien afgaan… En party van julle dames met lang hare… Sê: "Sy's outyds, is sy nie?" Onthou, dis spotters. Dis 'n kroon wat jy dra. God het gesê dit was jou glorie. Dra dit met trots. Halleluja! Dra dit met trots, soos jy 'n kroon van dorings vir jou Here sou dra, dra dit met trots! Moenie skaam wees nie. Hy het so gesê. Maak nie saak wat hierdie Isébels vandag sê, wat hierdie bedrieërs wat in die preekstoel staan, kruisigers van Christus, maak nie saak wat hulle sê nie, jy dra dit met trots. God het so gesê. Jy hou dit.

Weer bekroon met spotters, dorings; deurboor van die preekstoel af met geloofsbelydenisse.

Hy het 'n nuwe Gólgota gekry. Waarnatoe neem hulle Hom? Hierdie geklede kore, kortbroek-vroue, kortgeknipte hare, geverfde gesigte, sing in die koor soos engele met talente, dis Sy nuwe Gólgota: net in moderne ontkleedanse, beskerm deur 'n wet soos by Sodom en Gomorra.

114 Jy sien 'n klein vroulike hondjie wat in die straat afgaan; op sekere tye sal daar nie 'n manlike hond uitgaan na waar sy is nie. Laat 'n sekere ding gebeur, en elkeen van hulle sal agter haar aanhardloop. Daar het iets met haar gebeur; julle weet waarom. Waarvoor trek hierdie vroue hulle klere uit, en gaan straat af? Moenie vir my sê dit is nie dieselfde ding nie. Dis 'n identifikasie. Moenie die mans veroordeel nie. Maar hulle word beskerm deur 'n Sodom wet. Daardie wet behoort te sê dis onwettig vir hulle om daarbuite te wees. En predikers in die preekstoel behoort onderrokke te hê in plaas van die geestelike jas! Staan daarbuite en sal dit toelaat, en skaam om daarteen te praat, want hulle denominasie sal hulle uitsit, julle kruisig vir die gemeente die Woord van God, wat sê dis 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk te dra wat aan die man behoort. Ek veroordeel die ding. Ek beskuldig dit van die kruisiging van die Woord van God voor die mense. Vroue met kortgeknipte hare, kortbroek in die skare, staan op in die koor.

115 Iemand het nou die dag vir my gesê, 'n vrou het my gevra, gesê:" Waar dink jy sou jy kry?"

Ek het gesê: "As die Here my gevra het om 'n dosyn oor die wêreld te kies, sou ek doodbang wees." Wanneer deur die onderskeiding van die Gees, daar staan en kyk hoe hulle so staan, en daardie dinge oor hulle sien, die vuil, smerige, lae sigaret-suigers daarbuite, aangaan soos dit, en staan in 'n geklede koor en sing in daardie toestand, en laat die gehoor hulle sien. Hulle sal sê: "Wel as sy dit kan doen, kan ek ook."

'n Christelike lewe is 'n lewe van heiligheid en reinheid. Ja, meneer. Ek kla hulle aan in die Naam van Jesus Christus vir hulle smerigheid en vullis. Hulle het die evangelie tot 'n skande gebring. En diegene wat dit probeer hou, word fanatici genoem. Genoem: "Dis outyds." Onsin! Ek kla hulle aan in die Naam van Jesus Christus.

116 Net moderne ontkleedansers op straat, sing in kore, sigaretrokend, vertel vuil grappe, drie of vier mans en na die sesde een, en sing dan in die koor omdat hulle 'n stem het… Julle arme intellektuele, geestelik ontneemdes, verwerp op jul eie gronde, julle lees dieselfde Bybel wat enige ander man kan lees; maar julle het die Gees van God verwerp, totdat die Bybel gesê het julle sal oorgegee word aan 'n sterk dwaling om 'n leuen te glo en daardeur veroordeel word! Julle glo eintlik dat julle reg is, en die Bybel sê dat julle dit sal glo en veroordeel word deur dieselfde leuen wat julle glo die waarheid is. Daarom kla ek julle aan deur die Woord van God. Julle leer die mense 'n fout en kruisig die beginsels van Christus, van heiligheid, en lewe daarbo.

'n Persoon mag uitstap in die straat en 'n ander persoon wees.

117 Predikers staan op balgronde en rook sigarette—struikelblokke. Al die ander gemors wat hulle verdra. Vroue in hulle koor wat kortbroek dra, kort hare, en aangaan soos daardie, geverfde gesigte, en noem dit dan: "Suster dit en dat"; en die Bybel veroordeel daardie goed! Dis reg. Gaan na partytjies en gaan voort, steeds 'n lidmaat van die kerk, onderhou jou getuienis en lewe in elk soos jy wil…

Moenie dink ek praat slegs van Presbiteriane nie; ek praat van julle Pinksters! Dis reg. Julle het eenmaal die waarheid geken, maar julle het gedink julle kan dit nie vat nie. Julle kon nie julle pastoor ondersteun nie. Julle pastoor kon nie daardie groot werk hê met soveel honderd dollars per week, en 'n groot mooi kerk om in te preek, en te ry, en voort te gaan soos hulle dit doen, as hy dit sou veroordeel nie. Die organisasie sou hom uitgooi, so hy moet dit hou; hy moet dit sê. Daarom het hy sy geboortereg verkoop vir 'n pot lensiesop van die wêreld, van Esau se slop. En wat gaan hy daarvoor kry? Beide val in die sloot van veroordeling en is [onduidelik woord]. Ek kla hulle aan as prostitute van die evangelie.

118 Ek was by 'n koor, een van die beroemde, groot plekke nie lank gelede nie, een van die hoogste geledere van Pinkster wat daar is; en ek het eenkeer in hierdie broer se studeerkamer gesit toe vier of vyf kore bymekaar gekom het by een van die—sommige van die beste organisasies in die Pinksters. En hulle het nie geweet ek was in hierdie prediker se studeerkamer in Oklahoma nie. En ek het daaronder gesit, waar hierdie prediker studeer voordat hy na sy platform kom; en toe ek het, was daar daardie klein Rickies daarbuite en Rickettas—verf. Nie een van hulle het lang hare gehad nie; elkeen van hulle met kort hare, elkeen van hulle met grimering aan, elkeen van hulle met klede aan. En klein Ricky wat daar rondgestaan het, so aangegaan het. En 'n ander man het 'n sendingoffer opgeneem. Hy het opgetree asof hy 'n blinde man was met 'n beker, en rondgegaan en allerhande lasterlike dinge gesê het oor die opneem van die offergawe, en sulke dinge; het daar uitgekom en probeer om "Die Messias" te sing (O, goeiste!); en kon 'n baie goeie werk daarvan maak, maar dit het nie die klank gehad nie. Nee, dit was dood, sien. O, goeiste! Daar het julle dit. Dis Sy nuwe Gólgota.

119 Wat dink julle as een of ander dogtertjie of 'n klein vroutjie daarbinne... Wel, as sy daar ingekom het aangetrek soos sy moes wees, met lang hare, en verf af, en sulke dinge, hulle sou haar gespot het. As sy sou opgestaan het en—toe hulle daardie taak daar gedoen het… Daardie klomp jongmense, omtrent dertig of veertig van hulle—die uitgesoekte deel van Pinkster en sulke dinge gedoen het… As daardie dametjie iets daaroor sou gesê het, sou hulle haar uit die koor gesit het. Laat die evangelieprediker op die preekstoel staan en iets daaroor sê, hulle sou hom uit die organisasie sit. Jy kruisig die Seun van God opnuut en beskaam Hom. Sy evangelie wat jy voorgee om te verkondig, jy kruisig Hom. Ek kla hierdie Christus verwerpende geslag aan deur die Woord van God, en deur Sy krag van hierdie laaste dae bevestiging dat Hy steeds lewe.

Ja, hulle is teen die suiwer, bevestigde Woord van God. Hulle organisasies kan nie daarteen staan nie.

120 Groot kerke en denominasies is Sy nuwe Gólgota; Ek sê dit weer. Hierdie—hulle moderne ontkleedansers is hulle kore. Die hoëpriester van elke denominasie roep uit soos die hoëpriester van daardie dag: "Nou, kom af en wys ons 'n wonderwerk." Dit was die eerste kruisiging. Dis dieselfde vandag. Ek het hulle laat sê: "Wel, jy wek die dooies op, doen jy? Hoekom gaan jy nie soontoe nie? Jy het 'n vrou in die begraafplaas; jy het 'n baba daarbo."

Hulle het vir Hom gesê: "Ons het gehoor dat jy die dooies opwek. Ons het 'n begraafplaas vol van hulle hierbo. Kom wek op…" O, onkunde sal onkunde voortbring.

Groot kerke, groot kore, hoëpriesters van hierdie dag: "Kom af! Wys ons 'n wonderwerk wat ons denominasie nie kan doen nie."

121 Ek het 'n man gehad, nie lank gelede nie, wat 'n opmerking gemaak het oor 'n—na 'n klein uitsending wat ek in Jonesboro, Arkansas gehad het, vertel van 'n vrou wat genees is. Hierdie kêrel het aan 'n sekere denominasionele kerk behoort, en hy het daaragter opgekom en gesê: "Ek daag enige man uit om vir my te kom—vir my 'n wonderwerk te wys." Ek het gegaan en 'n dokter gekry, 'n man wat genees is van kanker. Ek het gegaan en 'n vrou gekry wat in die rystoel was vir omtrent twintig jaar; sy was genees van artritis, was in 'n rystoel. Ek het dit oorgeneem en gesê: "Nou, ek wil die geld hê, 'n duisend dollar."

Hy het gesê: "Wel, 'n… e ... a… uh… dit is nie hier nie. Dis oorkant in Waco, Texas, waar ons hoofkwartiere is."

122 Ek het gesê: "Goed. Ons sal net soontoe gaan en dit kry." Gesê, ek het gesê: "Tref jou reëlings en ons sal môre gaan." Sien? Ek het gesê: "Ons sal maak…" Ek het gesê: "Hier's 'n dokter wat sê dat hierdie mense absoluut kanker het. Hier is dit op die lys—x-straal. Hier is hierdie vrou waarvan die hele buurt weet sy het in daardie rolstoel gesit vir twintig jaar, en sy loop net nou. En die dokters… Daar was dokter, na dokter, na dokter, na dokter, en alles; en hier lewe sy vandag. Nou, jy het gesê jy sou 'n duisend dollar gee; ek wil dit in 'n sendingfonds sit. Ek wil dit hê.

Hy het gesê: "Wel, dis daar by Waco, Texas."

Ek het gesê: "Ons sal môre gaan."

Hy het gesê: "Wag 'n oomblik. Laat ek jou iets vertel. Ek sal 'n dogtertjie saamneem. En laat ek 'n skeermes neem en haar arm sny, en dan genees jy dit voor ons broers; en hulle sal jou die geld gee."

Ek het gesê: "Jou duiwel!"

"As Jy die Seun van God is, kom van hierdie kruis af. Sê vir ons wie Jou geslaan het." Met 'n lap om sy kop, Hom daarop geslaan, gesê: "Nou, as Jy 'n profeet is, sê ons wie…"

"As Jy die Seun van God is, kom af van die kruis."

Blinde leiers van die blindes. Hulle het geestelike genesing nodig, 'n man wat soiets sou doen of so 'n opmerking sou maak. Sekerlik.

123 'n Bekende ou uitroep egter: "Laat ons Jou 'n wonderwerk sien doen. Meester, ons sou 'n wonderwerk van U verlang," wanneer elke dag, elke uur wat dit regdeur gebeur het, net soos God dit sou lei om gedoen te word. Maar hulle was nie teenwoordig nie. As hulle was, het hulle dit Beëlsebul genoem, die duiwel, sien. "Meester, ons sou dit begeer as Jy dit sou doen soos ons wil hê Jy dit moet doen (dis dit!), gaan waar ons wil hê Jy moet gaan, doen wat ons wil!" O, ja! Hulle het geen toutjies op Hom gehad nie. Nee, meneer! Dis waarom hulle Hom uit hulle midde moes kry. Ja, meneer! Hulle probeer dieselfde ding vandag doen. En deur die federasie van kerke sal hulle uiteindelik regkry om dit te doen. Almal van hulle gaan saam met die bekende ou uitroep.

124 Hier sien ons weer die godsdienstigste plek, die beste, gepoleerde teoloë, wat weer uitroep en teen Hom, wat uitroep… Die heel beste teoloë, wat verskillend behoort te weet, die heel hoogste kerke en bes opgeleide teoloë het Hom uitgewerp uit hulle midde. Hulle wil dit nie hê nie. Jy sê: "Dis verkeerd, Broer Branham." Dan was jy nie hier om "Die Kerkeeue" te sien of dit gepreek te hoor nie. Julle was nie hier toe hierdie Laodicése kerkeeu die enigste een was waar hulle Hom uit die kerk gewerp het nie; en Hy was uit—die buitekant, het geklop, probeer terugkom. Hulle het Hom uitgewerp omdat hulle geen nut vir Hom het nie. Hulle kruisig Hom opnuut. Amen! Hoe lank kan ons gaan?

125 Onthou die profeet van God se Woord het ons voorspel in II Timothéüs 3 (as julle dit neerskryf; ons het nie tyd om dit te lees nie, maar het gesê) dat in die laaste dae spotters sou kom. Hulle sou hardkoppig, hoogmoedig wees, liefhebbers van genot meer as liefhebbers van God, valse beskuldigers, onbesonne, wreedaardig, en veragters van die wat goed is, verraaiers, roekeloos, hoogmoedig, geleerd, wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan ontken. Draai weg van sulkes, want dit is die soort wat dwase, kortgeknipte hare vroue neem, kortbroekdraend, geverfde gesigte van plek tot plek, hulle gevange neem. Dis presies. Hy het gesê: "Draai weg daarvan in die laaste dae."

Laat ons die profeet gehoorsaam. Draai weg van daardie dinge in die laaste dae. Hulle is hier. (Ek roep nou na die kerk.) Ja, meneer! Kom weg daarvan.

126 Hulle het… Die predikers van hierdie dag behoort hierdie dinge te weet. Hulle moes Jesus in Sy dae geken het. Hulle moes geweet het, en nou behoort hulle dit te weet; maar hulle weet dit nie.

Net soos die Joodse leraars van Sy dae Hom behoort te geken het op Sy dag, so is dit dan vandag van God se duidelik bevestigde Woord. Hy was die Woord, en Hy het bewys Hy was die Woord. Hy het bewys Hy was die Woord vir daardie dag. En God het vandag bewys dat Hy die Woord van hierdie dag is, die lig van die uur. En hulle moes dit toe geweet het, en hulle behoort dit nou te weet. Hulle het Hom toe gekruisig, en hulle kruisig Hom nou. Ek kla hulle daarvan aan. Reg. Dit bly net deur my flits. Kla hulle aan, want God gaan hulle daarvoor laat betaal.

127 Die Jode van hulle dag… God weer in die dae op aarde, Jesus het gesê: "Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou in een groot groep bymekaar maak, maar jy wou nie." Hoe God nie in hierdie laaste dae probeer het om Sy mense saam te verenig nie, maar julle wou nie. Julle het julle geloofsbelydenis begeer, so nou, julle is oorgegee aan vernietiging. Dis wat Jerusalem ontvang het. Sy was afgebreek, afgebrand; sy was nie meer nie. En dis presies wat sommige van hierdie dae sal wees vir al hierdie groot dinge hier. Julle groot geloofsbelydenisse en denominasies sal sterf en vergaan, maar die Woord van God sal ewig wees en vir ewig lewe.

128 Sy diepste wonde kom van die huis van sogenaamde vriende. Dink! Dink daaraan! Dink daaraan! Stop! Ek wag 'n oomblik. Predikers, dink daaraan! Waar het Sy wonde vandaan gekom? Die huis van Sy sogenaamde vriende. Soos dit was, so is dit. Dink daaraan! Op Golgota was Hy nie omring deur woeste barbare nie, maar van predikers wat daarop aanspraak gemaak het om Hom lief te hê. En vandag, wanneer die evangelie deeglik geïdentifiseer is, wanneer die groot tekens van Sy opstanding onder ons bewys word, is dit nie die straat daarbuite wat op julle spring nie, dis die sogenaamde predikers. Hulle

wat veronderstel is om Hom lief te hê, is waardeur Hy vandag omring is. "Ons sal nie daardie ding onder ons hê nie. Ons sal nie hierdie man oor ons laat heers nie. Ons sal nie ondersteun nie; ons sal geen samewerking daaroor in hierdie stad hê nie, as daardie ding hiernatoe kom. Dis niks anders as spiritualisme nie. Dis die duiwel." Nie die Woord van God geken nie, die blindes wat die blindes lei soos dit toe was… Dink! So is dit nou; net soos dit toe was, so is dit nou. Dink!

129 Sy krag om te genees en om mans en vroue vry te maak van die liefde van hierdie huidige wêreld, van die kortgeknipte hare, geverfde gesig Isébels, wat hulleself Christene noem en so 'n lewe produseer soos daardie… Sigaretrokend, vertel vuil grappies, gaan sit en 'n sendinggenootskap hê, en stik, en doen naaldwerk, en praat, en skandaal, en gaan uit op die straat en dra kortbroeke, en alles soos dit, en noem hulleself dan Christene voor ander vroue.

Julle onthou my storie oor die slaaf wat geweet het hy was 'n seun van 'n koning, sy karakter. Wat behoort ons te wees? Mans en vroue… En ontken…

130 Hierdie geestelikes, hierdie preekstoele waar Hy Sy deurbraak kry, hulle het daardie soort lewe onder die mense opgesit en onderskryf—waar hulle Hom deurboor. Hulle ontken die krag om hulle daarvan vry te maak, en hulle onderskryf dit om so te wees, wanneer dit teenstrydig is met die Woord van God vir 'n vrou om haar hare te knip, of om haar gesig te verf, of om kortbroek te dra. Dis teenstrydig met die Woord van God, maar hulle onderskryf dit, maak nog 'n Gólgota. Van waar af? Van die straat af? Van die kroegkamer? Van die preekstoel af, van die preekstoel af.

131 En weer, wat was hulle uitroep? "Hy maak Homself God." Hulle ontken Sy Godheid. Hulle probeer Hom verdeel en drie of vier Gode uit Hom te maak, wanneer Hy God is; Hy was God; Hy sal altyd God wees, dieselfde gister, vandag, en vir ewig. Wanneer jy van een God met hulle praat, lag hulle vir jou. "Ons glo in 'n heilige drie-eenheid." Ek glo in een heilige God, Sy krag om te genees, om vry te maak, en hierdie mense uit die liefde van die wêreld te neem, om hulle te bevry soos Hy met Maria Magdalena gedoen het.

Onthou, sy was ook 'n klein geverfde Isébel. Sy het sewe duiwels in haar gehad. Sy was 'n ontkleedanseres, net soos die moderne vrou op straat vandag. Gaan enige plek waar jy wil en kyk. As jy nie glo mense buig voor die altaar van naakte vroue nie, kyk vandag op straat. Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees. Kyk uit, as jy dit nie glo nie. Gaan net enige plek. Maak 'n koerant oop; maak 'n tydskrif oop; kyk na 'n advertensiebord. Wat vind jy? Onthou wat dit gesê het: "Toe die seuns van God gesien het dat die dogters van die mense mooi was, het hulle vir hulle vroue geneem"?

Kyk na die skandaal in Engeland. Kyk na die skandaal hier. Kyk, die hele ding word 'n huis van prostitusie.

132 Hoekom is dit? Waarom het Rusland kommunisme geword? As gevolg van vulgariteit en vuilheid en die onmag van die Katolieke kerk. En dis presies waarom hierdie nasie kommunisme oorneem in die federasie van kerke en homself aansluit by die Katolieke kerk, wat kommunisme en Katolisisme saam sal verenig, julle weet. En hier doen hulle dit. Hoekom? Omdat hulle die evangelie verwerp het wat hulle skei en hulle 'n ander volk maak. Onsin! Dis presies die rede.

133 En predikers in die preekstoel verdra dit vir 'n etekaartjie, vir 'n sosiale aansien van een of ander geloofsbelydenis wat sê: "Ek behoort aan *So-en-so*," ruil die krag van God vir geleerdheid.

Bevry hulle van hierdie mal ras soos Maria Magdalena… Die einste krag wat daardie klein ontkleedanseres op die straat kon neem en haar klere laat aantrek, en optree soos 'n dame, 'n Christen uit haar maak; hulle het daardie mag veroordeel en die Man gekruisig op Golgota wat dit gehad het.

En vandag, die einste evangelie en die Heilige Gees wat daardie klein ontkleedanseres sal neem, en haar sal laat aantrek soos 'n dame, en optree soos 'n Christen; hulle noem dit fanatisme en wil dit nie onder hulle gemeente vermeng nie, laat dit opgewek word onder hulle en ander vroue dit laat doen. Wat doen hulle? Hulle verdryf dit net soos hulle toe gedoen het. En nou, hulle kruisig die einste Woord en sê dit was vir 'n ander eeu. Ek kla hulle weer aan. Ja, meneer! Net dieselfde as wat hulle toe aangekla is.

134 Die teken wat ou Legioen sy klere laat aantrek het. Onthou, 'n persoon wat hulle klere uittrek, is mal. Sien? Wat van 'n vrou? Legioen was mal; hy het sy klere van hom afgestroop. God het Sy krag geneem en hom sy klere laat aantrek, hy was geklee, by sy volle verstand, gaan sit by die voete van Jesus. Kyk na die krag wat ou blinde Bartimeus laat sien het, reg tussen hulle geloofsbelydenisse. Hy was op die aarde toe daar net soveel ongeloof was as wat daar vandag is, maar dit het Hom nooit gekeer nie; Hy het voortgegaan. Hy het geen doekies vir hulle omgedraai nie; Hy het vir hulle gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel." Hy het die hele ding veroordeel.

135 Die krag wat Lasarus uit die graf kon opwek en die vrou van Nain haar seun teruggegee het (o, God!), die krag wat daardie dinge kon doen, wat die dinge kon voorspel wat gebeur het: "Daar's twee vullens—daar's 'n vul, vasgebind op twee maniere," en al hierdie dinge wat Hy voorspel het; die einste

man wat daardie mag besit het: "Weg met Hom. Ons wil Hom nie onder ons mense hê nie. Hy besoedel ons leringe." En hulle het Hom gekruisig.

Die einste ding vandag: "Weg met die Heilige Gees." Hulle wil niks daarmee te doen hê nie: "Dit veroordeel, en doen hierdie dinge, en sê vir ons mense hierdie dinge; ons wil nie hê dit moet deurmekaar raak met ons organisasie nie. Dis teen ons geloofsbelydenisse." Hulle kruisig Hom weer. O, goeiste!

Let nou op, soos ons afsluit; moet afsluit. En weer, hulle noem dit fanatisme.

136 En hulle het Hom 'n fanatikus genoem. Hulle het gesê Hy was mal. Enigiemand weet dat die Bybel gesê het dat Jesus was—dat daardie Fariseërs gesê het: "Hierdie man is 'n Samaritaan, en hy's mal." Nou, wat beteken die woord mal? "Gek." "Die man is mal. Hulle is 'n klomp mal mense wat hom volg. Hy's Beëlsebul."

En weer sê hulle dieselfde ding: "Dis 'n soort toordery. Dis fortuinvertellery," plaas Hom weer op die kruis van skande. Watter kruis? watter skande? Hy is die bevestigde Woord, spot daarmee, sê vir die mense dis die duiwel, maak iets… Noem…

137 Hy het gesê: "Hulle noem die heilige werke van God 'n onrein gees wat dit doen." Geen vergifnis daarvoor, om Sy Woord te beskaam, dit te probeer ontbloot, en dit 'n valsheid of fanatisme te noem nie.

Moenie daarheen gaan nie. Moenie daardie dienste bywoon nie. Wat doen hulle om dit te doen? Hulle neem hulle denominasionele geloofsbelydenis spykers. Dis reg. Hierdie plesier-jagtende leraars, wêrelds, goddeloos, denominasioneel mal, neem die denominasionele spykers en kruisig die Seun van God opnuut daarmee van hulle preekstoele af. Waarom doen hulle dit? Hulle het die lof van mense lief, die grade wat die kerk hulle kan gee, meer as die liefde van die Woord van God. Ek veroordeel hulle. Hulle kan nie ooreenstem met die wêreld nie, omdat hulle—nie kan ooreenstem met die Woord nie, omdat hulle alreeds gelykvormig is aan die wêreld. Hulle het alreeds… Die skynheilige dag waarin ons lewe!

Is dit nie—

138 is een Golgota nie genoeg vir my Here nie? Hoekom sal julle dit doen? Julle wat veronderstel is om Hom lief te hê, julle wat weet dit is Sy Woord, julle wat Openbaringe die 22ste hoofstuk kan lees en sê: "Wie ook al een woord sal neem of een woord byvoeg…" Waarom doen julle dit? Is een Gólgota nie genoeg vir Hom nie? Ek staan vir Sy verdediging. Ek is Sy prokureur. En ek kla julle aan deur die Woord van God. Verander julle weë of julle sal hel toe gaan; julle denominasies sal verkrummel. Ek kla julle aan in die teenwoordigheid van die regter. Reg. Julle, met julle vorms van godsaligheid, skynheilighede. Wat noem julle dit? Is een Gólgota nie genoeg nie?

139 Soos Petrus gesê het: "Julle denominasionele vaders…" Petrus het julle aangekla deur die … gesê: "Wie van julle vaders het dit nie gedoen nie?" Stéfanus het dieselfde ding gedoen. "Met bose hande het julle die Prins van die lewe gekruisig."

Het Jesus nie Self gesê nie: "Watter een van julle vaders het nie die profete in die grafte gesit nie? En julle versier hulle daarna"? So was dit vir die regverdige manne daar deur die eeue. So kla ek hierdie hoë, gepoleerde, kerkgaande klomp Christusverwerpende mense van hierdie dag aan. Julle met julle vorms van godsaligheid kruisig my Christus die tweede keer, deur vir die mense te sê dat hierdie woorde vir 'n ander dag is, en dit is nie vir hierdie dag nie. Ek kla julle aan. Julle is skuldig aan dieselfde misdaad as wat hulle was op die dag van die kruisiging. Bekeer en draai na God of vergaan!

140 En weer sê ek, hier, die kerke; hulle, die leraars; kruisig, deur laster; Hom, die Woord. God wees genadig! Laat ek dit weer sê; dit mag deurmekaar op die band gewees het. Hier, die kerke; hulle, die geestelikes; kruisig, deur laster; Hom, die Woord. Geen wonder dis weer nie.

Te midde van skeurende rotse en donker lug

Het my Verlosser Sy hoof gebuig en gesterf.

Maar die geopende sluier het die weg geopenbaar

Na die hemel se vreugdes en eindelose dag.

Ek sê dit op hierdie band en vir hierdie gehoor; ek sê dit onder die inspirasie van die Heilige Gees: "Wie is aan die Here se kant? Laat hom onder hierdie Woord kom." God sal sekerlik hierdie bose, Christus-verloënende, Christus-verwerpende geslag in oordeel bring vir lastering, die kruisiging van Sy geïdentifiseerde Woord. Julle kom na die oordeel. Ek kla dit aan! "Wie is aan die Here se kant?" het Moses gesê: "Laat hom na my toe kom," toe die vuurkolom daar gehang het as 'n bewys. Wie is aan die Here se kant? Laat hom die Woord opneem, sy geloofsbelydenis ontken, en Jesus Christus daagliks volg. En ek sal jou in die oggend ontmoet.

Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

141 O, Here God, die gewer van die ewige lewe en die outeur van hierdie Woord, wat die Here Jesus uit die dood teruggebring het, wat dit behoorlik geïdentifiseer het voor 'n geslag van ongelowige mense; dit was lank vanmôre. Baie het hier gesit (die kerk is volgepak); mense staan rond; en die bande word gemaak om oor die wêreld uit te gaan, na verskillende plekke. Predikers sal dit hoor in hulle studeerkamer. Ek bid vir hulle, Here. Laat hierdie woorde diep in die hart val, diep sny, die hele wêreld wegsny, dat hulle kan sê, soos hierdie klein Metodiste prediker onder in Kentucky na my toe gekom het nou die dag en gesê het: “Toe ek daardie sewe kerkeeue gehoor het, het ek dit hoor uitroep: 'Gaan weg van daardie mure van Babilon!'” Gesê: “Ek het dit opgegee en gegaan. Ek weet nie watter kant toe om te gaan of wat om te doen nie, maar ek het weggegaan.” Geseënd sy die moed van daardie jongman met 'n vrou en twee of drie kinders.

142 God, mag baie hulle weg vind na die Woord van God, die enigste manier van lewe, want Hy is die Woord. Ek bid vir elkeen, Vader. Partymaal deur hierdie dinge te sê, is dit nie in wreedheid nie, dit is in liefde; want liefde is teregwysend. En ek bid, God, dat die mense sal verstaan dat dit so is: dat dit bedoel is om teregwysend te wees.

U wat hulle moes korrigeer, het vir hulle gebid by die kruis en gesê: “Vader, vergewe hulle. Hulle is blind; hulle verstaan net nie wat hulle doen nie.” Ek bid vir daardie predikers vandag wat weer die Woord kruisig deur hulle geloofsbelydenisse, en denominasies, en dogmas te neem, en dit te vervang vir die Woord van die lewe. En dan, voor die mense kritiseer hulle die ware waarheid wat God bevestig om Sy waarheid te wees. Ons bid vir hulle, Vader, dat U hulle weer na die bruilofsmaal sal roep. En mag hulle hierdie keer kom en nie verskonings vind nie, want ek besef die laaste oproep mag alreeds gegaan het. Dit mag nou te laat wees. Ek vertrou dat dit nie is nie.

143 Seën hierdie klein gemeente hier teenwoordig, hierdie paar honderd mense wat hier vanmôre bymekaar gekom het, hierdie warm dag, hier gesit vir 'n lang, miskien twee ure of meer diens en geluister. Hulle het nie weggegaan nie; hulle het stilgesit en geluister. Baie van hulle wag vir hulle etes, en die vroue staan met hulle babas, en hulle wag. Hulle hou vas aan elke woord.

Here, ek besef wat met my sal gebeur op die dag van die oordeel as ek daardie mense mislei. Ek is bewus, Here, so bewus dat ek kan voel, dat ek hulle na die Woord probeer neem, en hulle deur die Woord laat lewe, vir hulle sê dat U dieselfde is gister, vandag, en vir ewig, dat die groot Heilige Gees Jesus Christus is net in die vorm van die Heilige Gees, dieselfde Man. U het so gesê. “'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle.” En ek weet dat dit U is, Here. En ons glo U, want ons sien U doen dieselfde ding onder ons.

144 Ons gee onsself vandag oor, nugter; ons doen dit hier in hierdie gemeente. En op die bande, Here, net op hierdie oomblik, mag elke man en vrou, seun of meisie wat hier teenwoordig is, of buite staan, of dit op die band hoor, mag ons op hierdie oomblik 'n diep toewyding maak en ons volkome self gee tot die diens van God.

Beweeg op die gehoor, Here, in krag en genees die siekes. Hulle het gesê hulle het 'n klein kreupel seuntjie gehad wat hier oorkant sit. Laat daardie groot Heilige Gees… Ons weet net om in Sy teenwoordigheid te sit soos dit is… Dit sal dit doen. As U deur radio en televisie kan gaan, uit deur die lande en die siekes genees (U het U Woord gestuur en dit het hulle genees), kan U dieselfde ding op hierdie oomblik doen. Ek bid, God, dat U elke siek persoon sal genees, elke kreupele, elke beproefde hier en wat hierdie woorde hoor. God, skenk dit. My gebed is vir hulle. Met 'n liefde vir Christus in my hart en 'n gevoel vir die behoeftiges, bied ek hulle, Here, aan U op die altaar van offerande, waar die bebloede liggaam van daardie Lam lê as 'n versoening vir ons sondes en siekte, wat daar lê. Ek pleit vir genade vir die mense. Ek wil soos Moses in die bres staan vir hulle, Here, en sê: “God wees hulle genadig—'n bietjie langer en gee hulle nog 'n kans.” Moet dit nie nou dadelik doen nie, Here. Laat die evangelie net 'n bietjie verder gaan.

145 Hulle is veroordeel, Here. Ek bid dat U groot genade en goedertierenheid sal uitbrei na die laaste persoon wat hulle naam op die boek het. En ek weet hulle sal… Dis nie moeilik om te bid teen U Goddelike Woord—teen—of teen—met die Goddelike Woord nie, bedoel ek om te sê, Here, die Woord wat beloof is, die Woord wat bevestig is, die Woord wat hierdie mense destyds voorbestem het voor die grondlegging van die wêreld. Dis nie moeilik om te bid dat U diegene sal red wie se name op die boek is nie, want ek weet U sal dit doen; Jesus het so gesê: “Almal wat die Vader My gegee het, sal kom.” En geen mens kan kom tensy hy gegee is nie.

Nou, ek bid, God, dat oral waar hierdie woorde val, beide op band en hier teenwoordig, dat die Heilige Gees elke voorbestemde persoon reg nou sal roep, van die grondlegging van die wêreld af toe hulle naam geplaas is in die Lam se boek van die lewe. Mag hulle die stem van God hoor praat vandag, en daardie klein, stil, klein stemmetjie in hulle harte wat sê: “Dit is die weg, wandel daarin.” Skenk dit, Vader. Ek vra dit in Jesus se Naam.

146 En terwyl, op die oomblik, ons ons hoofde gebuig het hier in die gehoor, as julle glo dat dit die waarheid is, en julle… (Ek plaas my hand op hierdie sakdoeke wat hier lê en pakkies vir die siekes en die beproefdes.) Ek wil julle 'n vraag te vra, nou opreg. Ek kom nie hiernatoe net om gehoor te word nie. Ek is moeg; ek is uitgeput. Ek is nie so jonk soos ek was nie, en ek weet ons dae is getel. En ek weet ek moet elke dingetjie insit wat ek kan vir die Koninkryk van God. Ek moet elke keer preek as ek 'n kans kan kry. Ek moet gaan of ek so voel of nie. Ek kom hiernatoe omdat ek voel om dit te doen; ek wil dit doen. Ek het julle lief. En ek sê nie dinge hard en moeilik om—omdat ek wil nie; daar's 'n polsing in my binneste. Hierdie einste ding wat bevestig is, is die ding wat my druk om hierdie dinge te doen. En ek sê dit vriendelik, met liefde. Ek bedoel nie om ons vroue of ons mans te skel nie. Ek bedoel nie om dit te doen nie, broer, suster; ek bedoel net om julle na 'n skerp plek te bring waar julle die teregwysing en die sweep van die Here kan sien, dat julle nou moet inkom. Moenie dit uitstel nie; jy mag te lank wag.

147 En julle wat begeer om aan die Here se kant te kom met 'n volle oorgawe in julle hart in die teenwoordigheid in die gehoor nou, of in die land waar die bande sal wees, sal julle, met julle hoofde gebuig… Moenie julle hande opsteek as julle dit nie bedoel nie. As jy dit regtig bedoel, jy na die Here wil kom met 'n meer toegewyde lewe, wil ek hê jy moet jou hand reg nou opsteek. Die Here seën julle. Jy wy jouself opnuut aan Christus toe om die smaad te probeer dra. Sê: "Ek is vandag gewillig om die smaad te neem." Ek het albei my hande ook op. "Ek wil die smaad van Jesus Christus op my neem. Ek dra graag hierdie merk genaamd 'heilige roller' of wat ook al julle dit mag noem. Ek dra dit met trots, want dis om die Here se ontwil. Ek dra dit met trots."

148 Wil julle nie almal dieselfde doen nie? Steek julle hande op en sê: "Deur die genade van God, wil ek hê… Ek is…"

Die dissipels het teruggekeer, gedink dit was 'n groot eer om die smaad van Sy Naam te dra. Of wil julle die smaad dra van een of ander Hollywood ster, of een of ander televisie iets, of een of ander kerklidmaat, of iets, of wil julle die smaad van die Woord van Jesus Christus hê? Gee my die smaad van die Woord, Here. Ek weet Hy het die smaad van God se Woord gedra. Laat ek dit ook dra, Here.

En hierdie toegewyde kruis sal ek dra,

Totdat die dood my sal vrymaak,

Gaan dan huis toe, 'n kroon om te dra.

Daar sal eendag 'n kroon vir ons wees. Dit word nou gemaak. Wanneer hierdie aardse lewe verby is, dan weet ons dat dit reg sal wees.

Nou, daar's geen plek om mense om 'n altaar te bring nie. Laat jou sitplek waar jy is 'n altaar wees: "Soveel as wat glo…" Terwyl ons bid.

149 Hemelse Vader, dit het vir my gelyk asof omtrent elke hand van jonk en oud in hierdie gehoor op was. En ek bid dat elke keer dat die band gespeel sal word, dat die mense hulle hande sal opsteek en neerkniel in die kamer. Vader en moeder, gaan oor en kry mekaar se hande en sê: "Skat, ons was lank genoeg kerklidmate. Laat ons na Christus toe kom." Skenk dit, Here.

Seën hierdie mense hier. Ek bid dat U hulle sal gee, Here, 'n toegewyde lewe. Baie van hulle, Here, is goeie mense. Hulle is U mense; hulle het net nie die waarheid geken nie. En ek bid dat U hulle U waarheid sal wys, Here. "U Woord is waarheid."

Soos U gesê het in Johannes, ek dink aan die 17de hoofstuk, U het gesê: "Heilig hulle, Vader, deur die waarheid. U Woord is waarheid." En weer, U Woord is steeds waarheid. Dit is altyd waarheid, want dis God. En ek bid, God, dat U hulle sal heilig deur die waarheid; dit is, heilig, reinig hulle van alle geloofsbelydenisse en denominasies; reinig hulle van alle wêreldse dinge tot 'n toegewyde lewe van die Woord. Skenk dit, Here. Hulle is nou U s'n; U het belowe om dit te doen. En as U dienskneg, bid ek my gebed namens hulle. In die Naam van Jesus Christus.

150 Nou, met ons hoofde gebuig, laat ons hierdie lied sing terwyl ons aanhou bid.

Jesus het dit alles betaal,

Alles aan Hom skuld ek; (Dink daaraan!)

Sonde het 'n bloedrooi vlek agtergelaat,

Hy het dit wit soos sneeu gewas.

Gister was ek in 'n plek, en 'n man het my mates geneem vir 'n pak wat 'n broer hier in die kerk vir my gekoop het. Hy het gesê: "Jou pak het warm gelyk, en ek het vir jou 'n koel een gekoop."

En ek het oorgegaan om dit te laat sny, en hy het gesê: "Sê, jou regterskouer hang af. Jy moes

eendag 'n swaar vrag gedra het."

En ek het gedink: "Ja, 'n vrag sonde, maar Jesus het dit alles betaal." Luister soos ons dit sing.

Jesus het dit alles betaal,

Dan is ek my hele (my hele lewe) aan Hom verskuldig;

(Wat het sonde gedoen?)

Sonde het 'n bloedrooi vlek agtergelaat,

Hy het dit wit soos sneeu gewas.

151 God, wees ons genadig in hierdie diep tyd van meditasie. Laat die Woord diep insink, Here, na die hart. Laat die mense, al is hulle laat vir hulle middagete, maar, Here, dit is meer as vleis; hierdie is lewe. "My Woord is vleis," het U gesê. En dis waarop ons honger siele feesvier.

Nou, neem ons, Here; vorm ons. Here, neem my saam met hulle. Ek wil saam met hulle gaan. Ek gaan nou op na Gólgota, Here, deur geloof. Ek gaan saam met hierdie gemeente. Nou, vorm my net, Here. Ek het verkeerd gedoen. Baiekeer dat ek… Hier onlangs, sou ek net ophou preek. Die mense wou my nie hoor nie. Hulle het net aangehou om dieselfde ding te doen, en ek het moedeloos geraak. Ek het 'n kompleks gebou. O, God, 'n paar Sondae gelede toe U my daardie teken daar gegee het, nie—en die Bybel gelees het en U gesien het vir Moses gesê, net soos daardie droom was, dat daar ook 'n berg was wat 'n teken vir hom sou wees. En dan reg aan die einde daarvan om te weet dat ek 'n klomp siek mense agtergelaat het, 'n bediening nie net in die profetiese nie, maar in die onderrig van die Woord en vir—bid vir die siekes. U het 'n man laat dood neerval net hier op die vloer, en hom toe weer lewendig gemaak vir bevestiging dat dit waar was. U bevestig altyd U Woord.

152 Nou, Here, bevestig dit reg nou terwyl ek voor U troon is. Neem elkeen van hierdie mense, Here; neem die wêreld uit ons uit. Neem my, Here, terwyl ons in U teenwoordigheid is. Neem net die wêreld; wring ons harte. God, reg nou, trek die wêreld en die sorg van die wêreld weg van ons. Laat ons toegewyde Christene wees, o, God, om liefdevol te wees, en goedhartig, en soet, dra die vrugte van die Gees. Sal U nie, Here? Ons is voor U troon. Sonde het 'n bloedrooi vlek op elkeen van ons gelaat, maar U bloed kan dit vergewe, Here, en dit wit soos sneeu maak. Skenk dit, terwyl ons op U wag. Neem ons; ons is U s'n. Het ons lewens aan U toegewy. In Jesus Christus se Naam. Skenk dit, Here, aan elkeen van ons.

Wring my hart, Here. Ek sien al my foute; ek sien my foute. God, vanaf hierdie tyd probeer ek die beste lewe wat ek kan om U te help. Ek wil gaan—ek wil my lewe opnuut toewy aan U hier oorkant vanmôre. Nadat ek hierdie aanklag gebring het teen my geestelike vriende daarbuite, en hierdie harde dinge moes sê; maar Here, ek het dit gedoen deur U inspirasie. Ek voel dat U my gesê het om dit te doen. Nou, dis van my skouers af, Here. Ek is bly dat dit af is. Laat hulle daarmee maak wat hulle ook al wil, Vader. Ek bid dat hulle dit sal aanvaar.

Ek bid dat U elkeen sal red, Here. Mag daar 'n herlewing van die regverdige en 'n groot krag onder die kerk kom net voor dit gaan. Dis nie moeilik om dit te bid nie, want U het dit belowe.

En ons kyk, Here, na daardie derde trek wat ons weet wat groot dinge vir ons in ons midde sal doen.

153 Ek is U s'n, Here. Ek lê myself op hierdie altaar, net so toegewyd as wat ek weet hoe om myself te maak. Neem die wêreld van my af, Here. Neem die dinge van my weg wat verganklik is; gee my die onverganklike dinge: die Woord van God. Mag ek in staat wees om daardie Woord so noukeurig te lewe, totdat die Woord in my sal wees en ek in die Woord. Skenk dit, Here. Mag ek nooit daarvan wegdraai nie. Mag ek daardie Koning se swaard so styf vashou, dit so goed vasgryp. Skenk dit, Here.

Seën ons saam. Ons is U dienaars, soos ons onsself aan U toewy vanmôre, vars in ons harte. Ons is U s'n in die Naam van Jesus Christus vir diens.

Jesus het dit alles betaal, (God seën jou!

Broer Neville.)

Alles aan Hom skuld ek;

Sonde het 'n bloedrooi vlek agtergelaat,

Hy het dit wit soos sneeu gewas.

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7